# *Die Koningin Van Die Suide*

Dankie. God seën jou, Broer Don.

2 Julle mag maar sit. Dis net asof ek so pas hier gekom het, nou sê dit die laaste aand. Wel, hierdie was die mees ongewone diens wat ek in 'n lang tyd gehad het.

3 Jy's Broer Babbs, is jy nie? Ek het jou vandag herken daarbuite waar ons geëet het, en toe ons klaar was, het ek—ek daar oorkant gekyk, ek het gesê: "Is dit nie my vriende van El Dorado nie?" Ek dink dis reg. El Dorado?

4 En Broer Jack het gesê: "Beslis." En ons het daar begin praat, en toe, voor jy jou kom kry, was jy weg, ek kon nie jou hand skud nie. God seën jou.

5 [Broer Babbs sê: "Broer Branham, jy het kos en rus nodig gehad, nie om deur ons gepla te word nie."—Red.] O. ["Ons het afgekom om bedien te word, en ons is bedien."] Dankie, broer, dankie. Broer Babbs van El Dorado, een of ander Baptiste broer. . . [Broer Babbs praat weer.] Ja. Ja, meneer, ek doen dit. [Broer Babbs gaan voort. Leë kol op band.] . . . dit wonderlik?

6 En ek glo jy het twee pragtige dogters. En ek onthou een van hulle het begin kom, eendag, na die platvorm, en sy was al 'n lang tyd getroud, en het nie enige kinders gehad nie. En toe sy opgegaan het na die platvorm, het die Heilige Gees my omgedraai, en gesê: "Julle wil 'n kind hê, en SO SPREEK DIE HERE, jy sal dit kry."

7 Ek was daar net 'n paar uur voor dit gebore is, en daar was dit, sy het dit gehad. Iemand het vir my gesê sy het nou drie. Wonderlik! Dis. . . Hy gee altyd in oorvloed, julle weet. Ja. Dis baie goed. Wel, dis baie goed. Ek is so bly daaroor. Ek het. . .

8 Ek glo dat dit die Bybel is. 'n Vrou wat genoeg respek het om 'n kind groot te maak in hierdie dae, wanneer hulle alles anders doen en probeer ontslae raak van hulle, ek. . . God sal dit respekteer.

9 Ek het 'n dame bo in Kanada wat was, ek glo sy is drie-en-vyftig of vier-en-vyftig jaar oud, sy was getroud vandat sy omtrent agtien was, hulle het geen kinders gehad nie, en een aand, dit was terwyl Broer Jack by my was, en die dame het opgekom, hulle is Duitse mense, ek vergeet hulle naam net nou, en sy het gesê. . . op die platvorm gekom, die Heilige Gees het gesê: "Jy wil 'n baba hê."

"Ja." Was verby die ouderdom, sy was *iets oor die*-veertig, agt-en-veertig, sewe-en-veertig, agt-en-veertig gewees toe. Gesê: "Dis reg."

Gesê: "Wel, jy sal 'n seun omhels, SO SPREEK DIE HERE."

10 Nou, hou dit altyd dop, sien, SO SPREEK DIE HERE. Een is 'n visioen, dis wat ek sien, dan wat ek Hom sien doen, dis een ding wat ek sê waarna ek kyk, die volgende ding wat ek sê wat Hy gaan doen, julle sien. *Hierdie* is wat ek sê, *daardie* is wat Hy sê, sien.

11 Omtrent twee of drie jaar het verbygegaan en niks het gebeur nie, sy het gedink: "Wel, daar is iets verkeerd." En sy het begin twyfel, sy het gesê: "Wel, Broer Branham het net nie die visioen reg gesien nie." O, ja.

12 So, sy het gesê, na drie of vier jaar verbygegaan het, en sy het gesê: "Ek weet ek kan dit nie nou kry nie." Sy was ver op omtrent vyftig jaar oud, of ouer.

13 En so sy. . .En ek het afgekom van bo, bo af, en ver bo in die noorde, die Yukon op 'n jagtog, verbygekom, en een aanddiens gehad in 'n klein dorpies soos ek verbykom. Toe ek by hierdie stad gekom het waar sy woon, wel, ek, Calgary, en ek. . .Sy het gekom na. . .haar man het na die diens toe gekom, sy het nie gekom nie.

14 En ek het gesê: "Waar is suster?" En ek het nie enige oorjas gehad nie, en hy het gegee, wou vir my syne gee, en ek wou dit nie vat nie. En hy het agter gestaan, ek het gesê: "Waar is suster?"

Gesê: "Broer Branham, sy is siek met TB."

En ek het gesê: "O, goeiste!"

15 En ek het gestaan en na hom gekyk, en net soort van. . .Jy moet die mense se gevoel voel. Jy kan nooit enigiemand help, tensy jy dit net aanvoel saam met hulle nie, jy—jy moet hulle lyding aanvoel, as jy dit nie doen nie, is jy net, is jy net uit. Jy moet 'n liefde en iets hê wat jou net reg by hulle sal laat wees.

16 En dit het my so seergemaak om te hoor dat sy tuberkulose gehad het. Ek het gekyk, ek het gesê: "Hier is wat dit veroorsaak het: Sy het getwyfel oor daardie baba."

Hy het gesê: "Broer Branham, dis die reine waarheid."

Ek het gesê: "Nou is sy af op een of ander soort van 'n *isme* oor die drink van sappe, en sulke dinge, moenie enige vleis eet nie, en moenie. . ."

Hy het gesê: "Dis presies reg."

17 Ek het gesê: "Dis wat haar TB gegee het, haar liggaam is ondervoed." Ek het gesê: "Gaan sê vir haar dat ek gesê het: 'SO SPREEK DIE HERE: Moet dit nie betwyfel nie.' Ek gee nie om of sy negentig jaar oud is nie, sy sal steeds die baba kry." Sien?

18 En so het hy teruggegaan en haar vertel. En sy het haar sappe weggegooi en normaal begin eet, en teruggekom, en dit geglo. En

toe was ek by Broer Fred Sothmann, hy's hier iewers. Ons was . . . Fred, wat was daardie mense se naam? [Broer Sothmann sê: "Dobble. Dobble."—Red.] Dobble, en ons was, waar was daardie plek waar, ver daarbo aan die einde van die wêreld? ["Prins Albert."] Prins Albert, bo by Prins Albert.

19 En hierdie vrou, sy was so oud en sou hierdie baba kry, en die dokters het gewonder wat sou gebeur, het nie gedink sy kon dit kry nie. So om hulle getrouheid te wys, en hulle gedagtes, hulle het haar op 'n trein gesit in 'n ambulans-affêre, en haar na daardie diens toe gebring om te sien wat die Here sou sê. Die Here het gespreek en gesê: "Sê vir haar, gaan terug, sy het 'n seun wat kom."

20 Wel, sy het net skaars by die huis gekom of sy het daardie mooi, groot seun gekry, en daar was sy. En ver, sy's ver in haar vyftigs, julle sien. Maar Hy het nog nooit gefaal nie, wanneer Hy enigiets sê, sal dit net so wees, moet wees.

21 Ek het gedink, is Broer Welch Evans hier? Broer Fred, het hy gekom? [Broer Sothmann sê: "Nee."—Red.] Hy het nie gekom nie. Ek het gedink, hier nie lank gelede nie, net om julle te wys hoe maklik, hoe liefdevol die Here is, en hoe—hoe Hy daarvan hou om te genees, hy . . . ons het visgevang onder in Florida, het 'n diens onder in Georgia gehad, afgegaan Florida toe om vir omtrent twee dae vis te vang.

22 En hierdie Mnr. Evans is 'n stoere Christen, 'n lieflike broer; en sy broer is nie 'n Christen nie, so, hy het 'n aaswinkel bedryf. Ons het uitgegaan in 'n soort van 'n oerwoud daar waar jy slange uit die pad moes hark, en alligators, om in te kom waar ons kon visvang. En sy broer is gebyt deur 'n grondratelslang. Ek weet nie, ek dink nie julle het hulle in Louisiana nie, hulle is klein vabonde. En hulle is baie erg, wanneer hulle jou byt, maak hulle jou dood, en so, hulle is erger as die katoenbek.

23 En so, hierdie seun is gebyt deur een daarbuite, hy's nogal 'n visserman, en hulle het hom hospitaal toe gestuur. En omtrent drie maande, glo ek, was dit nie, Broer Fred, wat hy in die hospitaal gelê het nie? Hy het toe, met 'n yslike groot stut onder sy been rondgeloop, hulle het gedink hy sou sy been verloor as hy nie sy lewe verloor het nie, en dit was baie erg.

24 Wel, ek, die Here het my geseën, en ek het gevang, o, die baars, yslike grotes, en ek, so bly daaroor. En ek het 'n grote aan die lyn gehad wat ek hom nie eens kon vashou nie. En hy sou net, hy sou spring, en jy moes hom aan die stok hou, en hy sou die aas uit sy mond skud, en ek sou daardie dobber teruggooi, en hy het dit die derde keer gekry. Wel, almal het hulle stokke neergegooi, en soontoe gehardloop. En—en ek het gesê: "Ek kan hom net nie vashou nie."

25 So ek het hom 'n bietjie laat rus en dit weer probeer. En ek . . . Nog een, wat twaalf, veertien pond sou geweeg het, en hierdie een

het omtrent tien, of elf pond gelyk, en ek het hom vasgehou, ek het gesê: "Dis nie hy nie."

26 Maar toe ek hom moeg gespeel het, hom na die kant toe gebring het, Broer Evans daar met sy broekspype opgerol, en hy is nie bang vir enigiets nie, en so, het hy gesê: "Wag 'n bietjie, Broer Branham," baie blare en dinge, gesê: "Ek sal hom afhaak vir jou."

En ek het gesê: "Wel, dis alles reg." Ek het gesê: "Ek sal hom net insleep, as hy afkom gee ons nie om nie."

So hy het gesê: "Ek sal hom kry."

27 Hy het net ingestap, en omtrent daardie tyd het 'n ou grondratelslangetjie, onder een van daardie blare gelê, hom reg in die voet gevang. Ek het nog nooit 'n man *so* hoor skree in my lewe nie. En toe hy uit die water gespring, en sy been vasgegryp het, en soos *daardie* op die wal geval het, o, dit verlam jou net binne 'n oomblik, ek het sy voet gegryp, gekyk, net omtrent 'n duim uitmekaar was twee gate, en die bloed wat uit hulle uitgevloei het. Ek het my geweer gegryp, en gesoek na die ratelslang, en ek sien hom afgaan deur die onkruid soos *daardie*, ek kon hom nie eens skiet nie, en hy was weg.

28 En ek het gedink: "O, goeiste!" En niemand daar was by my daardie tyd, sedert...maar...wat my kon help nie, klein Billy Paul was daar. En ek sou hom op my rug moes dra vir omtrent twee myl deur daardie oerwoude, en net water, en op, amper, soms baie amper oor kniediep, en hy weeg omtrent, amper tweehonderd, so ek het geweet ek sou hom kwalik daardeur kon sleep.

So ek het gedink: "Wat kan ons doen?"

29 En hy het net op sy tande gekners, sy asem ingetrek: "*Swee! Sjoe! Swee!*" gemaak. En die trane wat teen sy wang afgeloop het, en hy het gesê: "Broer Branham, my been is verlam." Dit gaan net reguit na die been toe, julle weet. En gesê—gesê: "My been is verlam." Net sy tande gekners soos *daardie*. Gesê: "Voel asof dit al die pad ondertoe gevries het."

En ek het gedink: "O, genade! Wat kan ek doen?"

30 En net toe het ek daardie Skrif gehoor: "Hulle sal op die koppe van slange en skerpioene trap, niks sal hulle op enige manier pla nie."

31 So, ek het net my hoed afgehaal, en ek het gesê: "Nou, probeer net so rustig wees as wat jy kan, Broer Welch, sodat ek my hande op hierdie byt kan hou." En die Hemelse Vader weet dis waar.

32 En toe, toe ek my hand daar op sy voet gesit het, en, het ek gesê: "Vader, U is 'n baie teenswoordige Hulp in 'n tyd van probleme, en U faal ons nooit nie. En ons broer is gebyt deur hierdie slang, en daar staan geskrywe in U Woord dat hulle op

die koppe van slange en skerpioene sal trap, en niks hulle sal skaad nie, en Dit sê: 'As hulle 'n slang opneem, sal dit hulle geen kwaad doen nie.' Hy het my probeer help, en hierdie bose slang het hom gegryp. Nou, U is Here, Jesus op hierdie oewer, terwyl ons hier visvang, as U nie was nie, sou ek nooit gaan visvang het nie, en ek weet U is hier. En ek vra U om ons genadig te wees, en—en hierdie slanggif van sy been af weg te neem."

33 En ek het opgehou bid, en ek het hom nie meer hoor ly nie. En toe ek klaar gebid het, het hy daar gesit en lag, en hy het gesê: "Broer Branham, ek het geen pyn nie." Gesê: "Dis alles weg." En hy het opgestaan en rondgeloop.

34 Omtrent elfuur daardie aand, ek het elf baars gevang wat, gemiddeld, byna, twaalf pond elk geweeg het, en ek—en ek het hulle ingekry, en hulle het gekom en foto's geneem van hulle in 'n toeristeplek daar. En sy broer het gekom, so ons het begin getuig daaroor. En sy broer, 'n sondaar, het gesê . . . was in die hospitaal, julle sien. Dis goed om 'n Christen te wees. Sien? "Hulle wat glo, sal op die koppe van skerpioene en slange trap," het niks gesê van die ongelowige nie. Sien? Maar hierdie man was 'n gelowige.

35 En sy broer het gesê, en hy het hom die plekke daar gewys waar . . . hy het gesê: "Nou kyk, broer, dis goed om godsdienstig te wees, maar nie goed om mal te wees nie." Hy het gesê: "Jy beter by die hospitaal kom net so gou as wat jy kan," gesê: "kry bietjie teengif in jou, want as jy nie," hy het gesê: "mag jy kreupel wees die res van jou lewe, en mag jy enige tyd sterf."

36 Hy het gesê: "Dit het vanmôre omtrent om tienuur gebeur, en dit is na elf vanaand, as die teengif wat God my vanmôre gegee het om die pyn te stop so lank gehou het, sal dit my langer hou." So, dit was . . . So, dit hou nog steeds, dit was maande, en maande, en maande gelede, geen skadelike gevolge nie. Net om te wys dat Hy steeds die Here God is, so wonderlik.

37 Ek weet dit, ek neem tyd, en ons wil nie te lank bly vanaand nie, ek gaan net praat vir 'n paar oomblikke. Maar ek het net nog een versoek wat ek graag wil vra. Een ding, voor ek hierdie baie spesiale versoek vra, dit sal, miskien, hierdie volgende jaar sal ek baie oorsee wees, as die Here wil, want ek voel dat as daar 'n hierdie jaar is, en ek lewe om dit te sien hierdie komende jaar, sal ek sommer nou my reisplanne maak. En Kersweek is wanneer ons oor al die versoeke bid en sien waarheen die Here ons sal lei. En ek sal waarskynlik voor toordokters wees, en alles, soos gewoonlik, wanneer ons oorsee gaan. Kan ek julle vra om vir my te bid? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

38 Ek wil sê dat hierdie een van die mees uitstaande dienste was waarin ek ooit was. Die vreemdste ding het gebeur. Ek is lief vir die mense by Shreveport, ek's julle mede-pastoor, julle weet. Maar ek was nie hier vir omtrent vyf jaar nie, en het net so erg aangegaan as wat ek kon gaan, dag en nag. En omtrent twee

maande gelede het ek begin, Shreveport het op my hart gekom, en ek kon net nie eens dag en nag rus nie. En selfs gebring tot ek eendag daar gesit en so hard daaroor gedink het, dat ek begin huil het.

Meda het gesê: "Wat makeer?"

Ek het gesê: "Ek's net so honger om Shreveport te sien."

Sy het gesê: "Wel, wat makeer?"

En ek het gesê: "Meda, miskien is iets verkeerd daar onder. Dink ons moet bel?"

39 En: "O," het sy gesê: "As daar, ek dink as—as daar was, sou hulle jou bel, Bill." Gesê: "Jy weet hoe die Here jou altyd gewys het, toe Suster Moore op sterwe was, en jy was op jou pad soontoe, en hoe jy uitgegaan en gebid het, en verskillende dinge, en hoe dinge wat Hy gedoen het." Gesê: "Het Hy jou enigiets gewys?"

Ek het gesê: "Nee."

40 "Wel," gesê: "as daar enigiets gebeur het, sou hulle jou bel." Gesê: "As jy so gaan bel soos daardie, mag dit hulle ontstel en dink dat iets gaan gebeur." So, gesê: "Hoekom los jy dit nie net uit nie?"

Ek het gesê: "Wel, ek kan, om een of ander rede, net nie ophou bid nie. Ek raak verlang net so."

41 En ek het Broer Jack ontmoet, en hy het gesê: "Wel, ons verlang om jou te sien." Voor jy jou kom kry, was Suster Moore op haar aangesig vir 'n lang tyd, besig om te bid, en God het haar hierdie komende diens gewys.

42 Toe het ek alreeds reëlings getref met 'n paar Baptiste mense vir die—die tyd. En die, toe Broer Moore gesê het dit was hierdie tyd, het ek afgegaan en hulle gevra. En dis die pastoor, of, die kerk, waar ek destyds pastoor was by Milltown, Indiana, die Milltown Baptiste Kerk. Hulle wil beslis nooit daardie jaarlikse ding opgee op Dankseggingsdag nie. Maar ek het gesê: "Broers, die Here lei my na Shreveport. Waarom, weet ek nie, maar ek moet Shreveport toe gaan."

Hulle het gesê: "Wel, as dit die geval is, gaan voort, en mag die Here met jou wees."

43 Ek's beslis bly dat ek moes kom, was 'n uitstaande ding vir my, hoe die Here elke aand geseën het, en groot dinge gedoen het.

44 Daar's een ding waaroor ek moet uitvind voor ek vertrek, of ek sal nie baie tevrede voel nie. Billy, Loyce, en hulle sê die heeltyd vir my: "Jy kom nie op die regte tyd nie." Wel, ek—ek weet nie hoekom nie.

45 So, vanaand, Billy sê die rede daarvoor is, gesê Suster Anna Jeanne het 'n lied gemaak, het 'n lied geskryf oor *Ek Het Jou Lief*

*Jesus*, of iets. Ek wonder of ek 'n koortjie daarvan kan hoor voor ek preek. Sal julle daarvan hou, dit saam met my geniet?

46 Wat is daardie lied? ['n Broer sê: "*Dank U, Jesus*."—Red.] *Dank U, Jesus*, dis reg. Dis reg, *Dank U, Jesus*. Ek wil dit graag hoor. Wil julle dit saam met my hoor? Wil net 'n paar minute hê. . . [Leë kol op band—Red.] Ek glo nie. . . [Leë kol op band.]

47 Nou, ek gaan skryf, sê vir Broer Outlaw hy beter daardie *Op, Op, Op* oefen. Hou aan daarmee, Suster Anna Jeanne, dis goed. Sy's 'n woordvoerder, 'n ouditeur, en ek weet nie wat alles nie, en nou is sy 'n digter, liedjieskrywer. Dis pragtig.

48 En ek. . . Broer Moore het my net vertel hoe hy gekom het, en: "Hy het my baie ver gebring van. . .?. . ." Dis baie goed. Julle weet dit kos die hart om uit te roep na iets om dit werklik te maak. Sien? Dis reg, wanneer die hart uitroep.

49 Wel, ek bedank julle net vir al julle samewerking, vir alles, alles wat julle gedoen het. God seën julle. En bid nou vir my. En ons gaan net binne 'n paar oomblikke vir die siekes bid. En ek—ek het 'n paar sakdoeke hier, maar, om oor te bid. En 'n gekleurde dame het my vertel dat sy 'n sakdoek hierbinne gehad het vir 'n geliefde, en sit langs 'n dame. Julle weet, enigiemand, kom, kyk op daarbinne, jy kan nie sien of daardie mense gekleurd of wit is van hier af nie. Dis reg. Maar die Heilige Gees het daardie mense hier buite hier voor my laat uitloop, en dis waarom ek geweet het hulle was gekleurde, gekleurde mense.

Iemand het gesê: "Nou, hoe kan jy hulle *daar* bo sien?"

50 Ek het gesê: "Ek het hulle nie gesien nie, ek het hulle *hier* buite gesien." Sien? Dis reg. *Hier* buite is waar dit was. En hulle het daar gesit met geloof en geglo, en God het die werk gedoen, dis al. Dis al wat nodig is, hê net geloof, en glo.

51 En nou, as ek enige tyd oor 'n sakdoek kan bid, of enigiets vir julle, skryf net vir my in Jeffersonville, en ek sal bly wees om dit reguit terug te stuur na julle toe, gratis, kos niks nie. En binnekort het ons die boeke wat kom, en ek, Broer Jack het vir my gesê, ek hou nie daarvan om my eie dienste aan te kondig by—by iewers soos hierdie nie, maar nou, as julle 'n paar geliefdes het wat naby Jeffersonville is, volgende week, vanaf volgende Sondag, by die Tabernakel ek, volgende Sondagoggend, neem ek die 1ste hoofstuk van Openbaring om die agtergrond te gee, die onthulling van Openbaring.

52 Nou, die *openbaring* in die Griekse woord beteken soos: "om die—die doek van 'n standbeeld af te haal, die—die onthulling daarvan." Sien? En dis *Die Onthulling Van Jesus Christus In Die Sewe Kerktydperke*. En ek skryf 'n klein kommentaar daaroor. Ek kan dit nie skryf nie, natuurlik, maar ek moet dit net spreek onder die inspirasie, soos ek dit ontvang, en dan, natuurlik, sal hulle dit magneties opneem, en dan, van daar af, sal dit na snelskrif gaan, snelskrif na die drukskrif. En nou, sal ons die

bandopnames hê, en ons sal dit ook binnekort in boekvorm hê—hê—hê, as die Here wil. En dan miskien volgende keer wat ek afkom, sal ons hulle hê.

53 So, as julle daarrond is, enige van julle geliefdes, sê vir hulle om in te kom. Nou, ons—ons probeer genoeg plek kry om vir die mense te sorg, want ek het net daar aangekondig, maar ons het alreeds gehoor ek vergeet vir hoeveel state rondom, julle sien, dat mense inkom, alreeds besprekings het, vir die week se verblyf.

54 Maandagaand sal wees oor die Éfese kerk, en dan Smirna, en Sardis, en verder af, Thiatire, tot by die Sondagoggend, oor 'n week, sal ek oor die Laodicése kerk praat. En daar tussenin, hoedat daar 'n oop deur tussen die Filadelfiese en die Laodicése Kerktydperk staan, en dis die deur waarvan ons wil praat, by, in daardie diens. Nou die Here seën, en bid julle vir my.

55 Nou voor ons die groot Woord nader, die Woord van God, die onfeilbare Woord. . . My geloof is plegtig gebou op hierdie Woord. Wanneer hierdie Woord dit sê, dan glo ek—ek dit net, ek—ek probeer nie enigiets daarby voeg, of enigiets daarvan wegneem nie.

56 En vanmôre moet ek—ek dalk om verskoning vra vir hierdie, sommige van hierdie goeie mense hier oor sommige van daardie kru opmerkings oor muile wat buite-egtelik is. Maar ek het nie bedoel om onbeskof of ontheiligend te wees nie, maar ek het net 'n punt probeer maak. Julle verstaan, nie waar nie?

57 Enigiets, 'n muil, o, goeiste, dis wat die mens gedoen het. Sien? Hy kan nie—hy kan nie terugkom nie, hy—hy—hy kan nie verder gaan nie. Hy—hy—hy weet nie wie sy pappa, mamma is nie, hy's net—hy's net—hy's net sonder hoop, dis al, dis al. Hy—hy kan homself nooit weer voortplant nie, so hy net. . . Maar julle weet, as enigiets, hy het geen. . . Hy sal sy hele leeftyd wag om jou te kan skop net voor hy sterf, en jou doodmaak, as hy kan, hy sal dit beslis doen. Hy—hy sal net sy hele leeftyd wag, laag lê, net wag: "Ek sal jou eendag agter my kry."

58 En dis net hoe baie mense in die kerk so is. Dis reg. "O, ek sal jou op die rug klop, tot ek 'n kans kry om jou keel af te sny." Sien?

59 Maar julle weet, ek hou van 'n perd, nie waar nie? O, veral 'n opregte perd, een wat—wat sy—sy voorvaders ken, wie hulle is, waar hulle vandaan kom, van pappa, mamma, oupapa, oupagrootjie, groot-oupagrootjie, al die pad terug, hy ken sy bloedlyn. Jy kan op hom vertrou.

60 Dis hoe dit is met die—met die Christen. Dis 'n. . . Ek hou van 'n opregte Christen, 'n Heilige Gees-gebore Christen, nie uit een of ander geloofsbelydenis nie, maar hy weet uit watter Bloedstroom hy kom. Hy's eg, opreg, Pinkster dwarsdeur, gebore uit die Heilige Gees, al die pad terug na Pinkster, sy ondervinding, ek hou daarvan, 'n opregte Christen. Hy weet waar

hy vandaan kom, hy weet Wie sy Pappa is, Wie sy Mamma is, Wie sy Verlosser is, en Wie sy God is. Amen. ’n Ware, opregte Christen, ek hou daarvan. En so, dis die verskil.

61 ’n Muil, hy weet nie, hy steek net sy ore uit, en kan niks leer nie, weet niks, en, hy’s beslis ’n skepsel.

62 Nou, is julle lief vir die Woord van die Here? O, goeiste! Dis wonderlik.

63 Nou, ek gaan vanaand praat oor Goddelike genesing, as die Here wil, ’n bietjie in daardie lyn. Maar laat ons nou blaai, na Matthéüs die 12de hoofstuk vir ’n teksie, en dan hieruit ’n konteks neem, as die Here wil. Matthéüs die 12de hoofstuk, en nou laat ons begin lees by die 38ste vers van Matthéüs die 12de hoofstuk, aan julle wat die teks neerskryf. Soos mense baiekeer in dienste doen, hulle skryf die teks neer, en—en hou dit soort van in hulle gedagte, dan, wanneer hulle die bandopnames kry, herhaal hulle dit weer, ensovoorts.

> *En sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs het geantwoord, en gesê, Meester, ons wil graag ’n teken van u sien.*
>
> *Maar Hy antwoord en sê vir hulle, ’n Slegte en owerspelige geslag soek na ’n teken; en daar sal geen teken* wees. . .*aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona:*
>
> *Want soos Jona drie dae en drie nagte in die* maag van. . .*die walvis se maag was; so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.*
>
> *Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel: omdat hulle hulle bekeer het by die prediking van Jona; en, kyk, meer as Jona is hier.*
>
> *Die koningin van die suide sal opstaan. . .in die oordeel saam met hierdie geslag, en sal dit veroordeel: want sy het gekom van die uiteindes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, hier is meer as Salomo.*

Laat ons nou ons hoofde buig, terwyl ons met die Outeur praat.

64 Genadige Here, hierdie Woorde is gekopieer deur die skrywer, Matthéüs. Dis U Eie Woord, en ons weet U Woord is Lewe. Dit is oordeel vir die ongelowige, en Lewe vir hom wat glo.

65 Ons bid, Here, as daar enige ongelowiges is, dat hulle vanaand gelowiges sal word. As daar enige siekes is, mag hulle genees word. As daar enige vermoeide is, mag hulle gelukkig gemaak word; sonder enige vreugde, vreugde oral uit hulle putte

sal uitloop, mag die liefde van God daardie put weer pleister, en ’n reën van God daarin laat instort. Skenk dit, Here.

66 Vergewe ons ons oortredinge, soos ons ook dié vergewe het wat teen ons oortree het. En ons sou vra, Here, dat U ons sal ontvang as U diensknegte. En ons bid dat U ons ’n groot klimaks sal gee vir hierdie paar dae van konferensie en dienste hier. Hoe ons U dank vir wat alreeds gedoen is!

67 En nou, vra ons dat daar nie een verswakte persoon in ons midde sal oorbly, geestelik verswak, of fisies verswak nie. Mag die krag wat Jesus Christus uit die graf uit opgewek het, in elke hart inkom vanaand, gee verlossing van sonde en ongeloof, gee verlossing van siekte en beproewing. En mag ons elke klein dingetjie opsy sit, nou reguit na Gólgota kyk, en God se seëninge ontvang.

68 Ek glo dat hierdie diens deur U verordineer is. En ek glo dat daar dinge uit hierdie diens sal kom wat ons nog nie verstaan nie, maar dat ons, in die dae wat sal kom, sal sien dat hierdie diens gebring is deur die veelvuldige wysheid van God. Sendelinge sal van hier af vertrek, wees met hulle, Here. Roepings is aan mense gegee, groot tekens en wonders van die herrese Here is gedoen, geeste wat op mense was in die vergange dae wat U gebruik het, het hulleself onder ons gemanifesteer, veral die Heilige Gees.

69 Vader, ons bid dat U Broer Moore, Suster Moore, en almal wat met hierdie tabernakel verbind is, sal seën, hulle sal lei en rig. Elke prediker, sendeling, of wat in hierdie gebou vanaand, of hierbinne was, mag hulle iets ontvang het wat hulle sal inspireer om vinnig aan te beweeg, want die uur kom nader.

70 Dan sal die tyd kom waar daar geen werk meer sal wees wat ons kan doen nie, spoedig sal dit van ons afgesny word, soos ons die vrugte sien minder word, die Wynstok wat gesnoei word. Ek bid, Vader, dat U hierdie seëninge sal skenk deur Jesus Christus ons Here, vra ons dit, in Sy Naam. Amen.

71 Ek wil vyf woorde gebruik vir ’n teks: *Die Koningin Van Die Suide*.

72 Iemand mag sê: “Wel, is daardie nie soort van ’n klein teksie vir jou afsluitingsdiens nie?”

73 Ja, dis soort van ’n klein teksie, wat waar is, maar dis uit die Bybel, wat dit goed maak. Sien, dit is nie die grootte daarvan nie, dis die kwaliteit daarvan; nie die kwantiteit nie, dis kwaliteit.

74 Soos ek dikwels gesê het, ’n vriendjie het eenkeer, wat in ’n solder gesoek het, in ’n ou trommel gekyk, en ’n posseëltjie gevind wat, en hy het gedink hy sou ’n tiensent daarvoor kry vir ’n roomys. En hy het dit na die seëlversamelaar toe geneem, en hy het hom ’n dollar gegee, wat die seuntjie tevrede gestel het. En so, het die seëlversamelaar dit verkoop vir honderde dollars, en nou ek dink dit gaan in honderde, maal honderde dollars in,

’n ou, geel seëltjie. Nou, wat die papier betref, was dit niks werd nie, maar dis wat op die papier was, wat saak maak.

75 Nou, *Die Koningin Van Die Suide* is net vyf woorde, en dit is nie die papier waarop dit geskryf is nie, dis die waarde van die Woord wat op die papier geskryf is. Die hele Bybel is vir my gegee deur Broer Kidson baie jare gelede, en die Bybel sou waarskynlik omtrent vyf-en-twintig dollar kos, ’n Scofield Bybel. Maar dis, *Hierdie* hier sal óf Lewe óf dood vir ons gee; en Daarin is ’n vergifnis vir elke mens wat Dit sal hoor, en dis ’n oordeel vir hulle wat Dit nie hoor nie.

76 Eenkeer is die groot Abraham Lincoln geroep om op te tree. ’n Man is ter dood veroordeel om te sterf voor ’n vuurpeloton vir ’n militêre dros, of iets, hy het gehad wat hulle genoem het: “oor die heuwel weggehardloop,” of een of ander militêre oortreding gedoen, en hy is ter dood veroordeel. En die man was net senuweeagtig en bang, en hy is gevonnis, egter, deur ’n paar wrede generaals, of iets, dat hy moes sterf.

77 ’n Goeie vriend van hom het na Mnr. Lincoln gehaas, en soos hy van sy rytuig in sy kamer ingegaan het, het hy vir hom gesê: “Hierdie man is ’n goeie man, hy’s selfs ’n Christenman. En hy—hy, Mnr. Lincoln, jy is ’n Christen, en hy gaan sterf! Hy gaan môre-oggend sterf voor ’n vuurpeloton. Meneer, jy wat ’n Christen is, en hierdie man se toestand ken, hy het nie bedoel om enige wette te oortree nie, hy was bang toe hy in die geveg gekom het. U is die enigste een wat hom kan red.”

Mnr. Lincoln het net ’n stuk papier uitgetrek, daarop geskryf: “Kwytgeskeld. Abraham Lincoln,” dit teruggestuur.

78 En so, toe hy by die tronkselle gekom het waar sy vriend gewag het, het hy gesê: “O, dank God, jy is kwytgeskeld! Mnr. Lincoln het jou kwytgeskeld.”

79 So, hy kyk rond, hy kyk na die papier, hy het gesê: “Waarom sal jy my nou bespot, wanneer ek gereedmaak om voor ’n vuurpeloton te sterf?” Gesê: “Dit is nie Abraham Lincoln nie.” Gesê: “Dit is nie sy—sy handtekening nie. As ek ’n kwytskelding van Abraham Lincoln gehad het,” gesê: “sou dit, wel, sou dit geskryf wees, en verseël, en alles.” Hy het gesê: “Nee, dit is nie op die regte soort papier nie.” Gesê: “Ek—ek sal dit nie ontvang nie.”

80 Die volgende oggend het die man gesterf, soos dit veroordeel is om te sterf. Nou, hier het hierdie man ’n kwytskelding deur Abraham Lincoln om hom nie te skiet nie, en toe is hy geskiet. Dit is verhoor in federale howe, en hier was hulle besluit: “’n Kwytskelding is nie ’n kwytskelding, tensy dit as ’n kwytskelding ontvang word nie.”

81 Dis die Woord van God, Dis genesing vir hulle wat Dit as genesing kan ontvang, maar nie genesing vir diegene wat Dit nie as genesing kan ontvang nie; Dis ’n kwytskelding van sonde vir

hulle wat glo dat hulle sonde vergewe is, maar Dit help niks vir hulle wat Dit nie so wil ontvang nie.

82 Die belofte van die Heilige Gees is 'n versekering vir jou dat jy Dit sal kry as jy dit so ontvang, dit hang af van jou gesindheid teenoor die Woord. Die Woord is die, nie die papier nie, dis net 'n boek, maar dis—dis Christus gemanifesteer op papier. Dis wat dit is. God: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon." Sien? En Sy Woorde is Gees en Lewe.

83 Ons ontvang net Sy Woord net asof dit Hyself was. Wanneer ek Sy belofte sien, is dit vir my Christus, ek omhels dit. Hy kan nie lieg nie. Vir—vir my is dit die reine waarheid. Sien? Ek mag dalk nie weet hoe om dit aan te gryp nie, maar dis die waarheid, en ek hou reg daarby, want dis Christus vir my.

84 In ons teks, vanaand, vind ons Jesus 'n groep mense teregwys en bestraf, wat geweier het om te glo dat Hy die Messias is, al het Hy baie Messiaanse tekens onder die mense gedoen. En hulle het Hom net in 'n vorige twee verse, Beëlsebub genoem, en Hy het gesê: "As julle My 'n bose naam noem, sal Ek julle vergewe. Julle sien My doen. . ." Laat my soort van op hierdie manier interpreteer, sodat julle sal verstaan wat ek bedoel, "Julle noem My, wanneer Ek julle die werke van God doen, noem julle My Beëlsebub." Nou, *Beëlsebub* is soos 'n fortuinverteller, 'n duiwel. "Julle my Beëlsebub noem, sal Ek jou daarvoor vergewe," sien: "maar eendag kom die Heilige Gees om dieselfde ding te doen, en as julle Daarteen praat, sal dit nooit vergewe word in hierdie wêreld, of ook nie in die wêreld wat sal kom nie."

85 Daar's die erns van waardeur ons vandag gaan. Sien? O, Hy, en Hy het hulle bestraf omdat hulle Hom nie ontvang het nie, en nadat Hy die werke van God gedoen en gewys het dat Hy die Messias was.

86 Nou, as Hy daardie Woorde gespreek het, is Hulle absoluut die waarheid. Dan in hierdie dag waarin ons lewe, waar die Heilige Gees gekom het, en weer dieselfde werke doen, sien julle waar ons vanaand staan? Dis 'n—dis 'n verskriklike ding om te dink dat mense vandag steeds die werk van God die duiwel sal noem. En Jesus het hulle bestraf.

87 Nou, as ons 'n bietjie teruggaan in die Bybel, sal ons uitvind dat God in alle eeue, te alle tye, gawes in Sy Kerk gehad het. Daar was nooit 'n tyd wat God nie, wanneer Hy in Sy Kerk inkom, vind daar bonatuurlike dinge plaas.

88 Ek weet ek praat met historici, Broer Moore is een van, so goed as wat ek ooit geken het, self. En enige tyd wat die Kerk ooit 'n herlewing gehad het, is die teken van bonatuurlike altyd in die diens: God genees die siekes, praat in tale, en doen ander wonderwerke en tekens, elke keer wat hulle ooit 'n herlewing gehad het. En selfs voor die koms van Christus, elke keer wat

God 'n bo- . . ., of, 'n beweging onder die mense gestuur het, was die tekens van bonatuurlike onder hulle. So, julle sien, ons is evangelisties, ons glo, ons glo absoluut dat God in Sy Kerk en in Sy mense lewe, ons glo dit. En Hy wys die teken van die vreugde, en krag van die Koning in die laer.

89 So, deur die eeue heen het hulle allerhande soorte tekens gehad, en Hy het na sommige van hulle hier verwys. Een van hulle het Hy gesê: "Soos dit was in Jonas se tyd," het hom Jona genoem. Nou, baie mense veroordeel vir arme ou Jona, en Jona was 'n profeet, maar ek het altyd jammer gevoel vir hom, omdat soveel in hierdie dag vir Jona veroordeel en sê hy was buite die wil van die Here. So ek gaan vir Jona opkom en sê hy was nie buite die wil van die Here nie. Ek . . . Hou julle nou dop en kyk, ons sal sy lewe vir 'n paar oomblikke gaan neem, en dit ondersoek.

90 Jona was op pad na—na Ninevé, natuurlik. En die Bybel sê dat die voetstappe van die regverdiges deur die Here bepaal word, dan kon Jona nie enigiets gedoen het, as 'n profeet, sonder dat God hom gelei het nie.

91 Ek het self dinge gedoen, en julle ook, wat julle gedink het wat simpel was, regtig, wat julle gedink het reg was, maar uitgevind het dit was net presies reg. Sien, God doen dit altyd omdat Hy die regverdiges lei. Volg julle net soos die Gees lei.

92 En Jona het in die moeilikheid beland op die see, en ons weet hoe die storie lui, dat hy hande en voete vasgebind was, en uit die skip gegooi is, en 'n vis gekom, en hom opgetel het, wat ons die walvis noem. En hy het afgegaan na die bodem van die see nadat hy Jona geëet, hom ingesluk het. En hy het onder op die bodem van die see gekom, en so hulle . . .

93 Dis 'n storie wat die wetenskap altyd verwar, want die wetenskap sê dat die walvis se keel nie groot genoeg is om 'n man in te sluk nie, maar as julle oplet die Bybel het gesê dat God hierdie een voorberei het, hierdie was 'n spesiale soort van 'n—'n—'n vis. God, Hy's Jehova-Jireh, Hy kan enigiets voorsien wat Hy wil doen, want Hy's God. Abraham het hom Jehova-Jireh genoem, want Hy het daardie offerande geskep. Hy's steeds Jehova-Jireh, Hy kan voorsien wat Hy wil. En Hy het hierdie vis voorberei.

94 'n Klein dogtertjie wat eenkeer, met blydskap, van die kerk af gekom het met haar Bybel, sy het aangestap, die ongelowige het haar ontmoet, en gesê: "Waaroor is jy so bly?"

Gesê: "Ek is so pas gered, Jesus is in my hart."

Gesê: "Onsin." Gesê: "Wat hou jy daar vas, 'n Bybel?"

Gesê: "Ja."

Gesê: "Ek reken jy glo daardie storie van die walvis en Jona."

Gesê: "O, ja, ek glo dit, elke Woord. Wat God sê, is die waarheid."

Hy het gesê: “Wel, hoe gaan jy dit bewys, anders as met geloof?”

Sy het gesê: “Wanneer ek in die Hemel kom, sal ek vir Jona vra.” Uh-huh. Dis reg.

Hy het gesê: “Dan, wat as Jona nie daar is nie?”

95 Gesê: “Dan kan jy hom vra.” Dis dan ’n goeie idee. “Vra jy hom.” Goed. God het altyd die antwoord, as jy net jou mond sal oopmaak wanneer Hy dit oopmaak.

96 God het ’n spesiale vis vir Jona gemaak, en hy het hom ingesluk, ek glo dit, elke Woord daarvan. En hy het afgegaan in die see, en ’n vis wanneer dit vreet, voer jou goudvissie, jy sal hom oplet, hy gaan reguit af na die bodem, rus sy klein vinnetjies op die bodem van die visbak. Het julle hom ooit gevoer? Sy magie vol maak, gaan hy reguit af, rus onder in die visbak. ’n Vis doen dit, nadat hy uitgegaan het en gevreet het, kom hy reguit terug oor die nes en rus.

97 Wel, hierdie walvis het hierdie profeet ingesluk, afgegaan na die bodem van die see om te rus. En hier was Jona wat rondrol in daardie braaksel, daar onder in die bodem van die see. En ek het altyd gedink . . .

98 Mense sê: “Wel, my arm is nie beter nie, en my—my voet is nie beter nie. Ek voel nie beter nie.”

99 Jy sal nooit beter voel as jy daarna kyk nie, jy kyk na jou simptome. Solank jy na jou simptome kyk, gaan jy niks anders as jou simptome sien nie. Dit hang af waarna jy kyk.

100 Nou kyk na Jona, nou, hy was in ’n kritieke toestand; daar’s niemand hier in hierdie tabernakel so in so ’n slegte toestand vanaand nie. Hy was in die maag van die walvis, as hy na *hierdie* kant toe gekyk het, was dit ’n walvismaag, oral waar hy gekyk het, was dit ’n walvismaag, en hy het gesê: “Hulle is valse nietighede. Nog een keer sal ek kyk na U heilige tempel.”

101 Want hy het geweet dat, toe Salomo daardie tempel toegewy het, wel, hy gebid en gesê het: “Here, as U volk êrens in die moeilikheid is, en kyk na hierdie heilige tempel toe, en bid, hoor U dan uit die Hemel.” En hy het geglo die gebed van Salomo sou beantwoord word. So, God het daardie siek vis laat omdraai, en vir Jona na die strand toe geneem.

102 Nou, as Jona, onder daardie omstandighede kon kyk na ’n tempel wat gebou is deur ’n man, Salomo, wat later afvallig geraak het, ’n aardse tempel, en ’n gebed van ’n gewone man, en God ’n wonderwerk soos daardie vir hom kon doen, hoeveel te meer kan Hy vir my en jou doen wanneer ons weier om na ons toestande te kyk! En nog een keer sal ek kyk na die Heilige Tempel waar Jesus sit aan die regterhand van die Majesteit Omhoog, om voorspraak te maak volgens ons belydenis. Amen.

103 Hoe kan ons na 'n simptoom kyk? Ek kyk na Jesus. Nie wat—nie hoe *hierdie* lyk nie, maar wat *Daardie* gesê het. Kyk na Gólgota, kyk waarvoor 'n prys betaal is.

104 Persoon het gesê: "Ek's te laag, Broer Branham, God sal my nooit red nie."

105 Moenie kyk hoe sleg jy is nie, kyk hoe goed Hy is. Moet nooit na jouself kyk nie, kyk na Hom. Die priester het nooit die—die—die een gesien waarvoor die offerande gemaak is nie.

106 Soos Broer Bosworth altyd gesê het oor sy klein muiltjie, gesê: "'n Muil sou gebore word, en sy ore het gehang, sy stert het regop gestaan, en sy knieë was bak, en sy oë skeel." Gesê: "Wel, as hy kon praat, sou hy sê: 'Wel wanneer hulle uitkom, sal hulle my kop inmekaarslaan, want, hulle sal my nie voer nie, ek is nie werd om te voer nie.'

107 "Maar as sy mamma goed geleer was, sou sy sê: 'Seun, jy hoef nie bekommerd te wees nie, jy is gebore onder 'n geboortereg. Daar sal 'n lam sonder 'n gebrek vir jou moet sterf, sodat jy kan lewe.'"

108 En dis presies reg. Die priester het nooit die muil gesien nie, hy het nie die muil ondersoek nie, hy het die lam ondersoek. Nie die vlek op die muil nie, die vlek, of daar enige vlek op die lam was. So as jy nie enige vlek op Hom kan kry nie, waaroor bekommer jy jou dan? Dis nie jy nie, dis Hy. God kyk nie na jou nie, Hy kyk na Hom. Sien julle dit? Sien dit, suster? Sien jy dit, broer, wat hier sit? Sien julle dit? Dis nie na jou wat Hy kyk nie, Hy kyk na Christus, dis die Offerande, Hy kyk na die Offerande.

109 So Jona, om met hom voort te gaan, let ons op dat die mense van Ninevé baie boos was. Daar word vir my gesê hulle was afgodedienaars, en hulle het diere aanbid, en die god van die see was die walvis, en hulle beroep was visvang. So, toe al die manne werk toe gegaan het daardie oggend, 'n stad so groot soos St. Louis, omtrent, uitgegaan het op die see met hulle bote, hier kom die seegod ingerol na die strand, lek sy tong uit vir 'n loopplank, hier kom die profeet, reguit uit sy mond uitgestap.

110 Geen wonder hulle het bekeer nie. Sien? Ja. Sekerlik. Hulle het bekeer omdat hulle god 'n profeet voortgebring het deur 'n bonatuurlike teken. Amen. Geen wonder Hy het gesê hy sou hierdie geslag, die mense in Jona se tyd, veroordeel nie.

111 Ek wil hierdie 'n bietjie laat val, ook, soos ons voortgaan, as dit goed sal wees vir julle, kyk, Hy het gesê: "En die mense van Ninevé sal opstaan in hierdie geslag, en dit veroordeel, omdat hulle hulle bekeer het na die prediking van Jona, en meer as Jona is hier."

Nou kyk, toe hulle hom gevra het, het Hy gesê: "Daar sal wees . . . "

112 Gesê: "Gee ons 'n teken," na soveel dinge wat Hy gedoen het. Sien daardie duiwel? Net soos hy gesê het: "Doen 'n wonderwerk hier, en verander hierdie klippe in brood." Het 'n lap om Sy gesig gesit, hulle het Hom op die kop geslaan, gesê: "Sê vir ons wie jou geslaan het, ons sal dit glo. Jy's 'n profeet, sê vir ons wie jou geslaan het."

113 Daardie selfde duiwel sal dieselfde doen: "Genees hierdie een *hier*, laat ek sien hoe jy genees." Sien daar, dis daardie selfde duiwel wat in godsdienstige mense lewe. "Laat ek jou 'n wonderwerk sien doen. Ek sal nie. . . Ou man *So-en-so* verkoop potlode hieronder op die hoek, is kreupel. Laat ek julle Goddelike genesers sien genees." Onthou net dis die duiwel. Sien?

114 Ons is nie hulle nar nie, God is nooit, Jona is nooit, niemand anders is nie. Hulle net: "Los hulle uit, hulle sal blindes wees wat die blindes lei," so moet net niks vir hulle sê nie, gaan net aan. Ons het meer wat dit glo, as om met ongelowiges te lol.

115 Maar kyk, Jesus het gesê: "'n Bose en 'n owerspelige geslag sal soek na 'n teken; en hulle sal geen teken ontvang behalwe die teken van Jona nie. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van die walvis was, so moet die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees."

116 Let op, sien dit nou: Watter soort geslag? 'n Bose, slegte, owerspel-. . . Hy het gepraat van *hierdie* geslag, of enige geslag wat sou sê: "Wys vir my 'n teken, wys. . . " Dis wat hulle vir Hom gesê het.

117 Nou, hierdie kêrels vandag, wat nie in Goddelike genesing glo, en nie in wonderwerke glo nie, vra: "Laat ek jou *hierdie* een sien genees, laat ek jou *daardie* een sien genees," die Bybel het gesê hulle sou 'n teken kry. Watter soort teken sou dit wees? Die teken van die opstanding. Halleluja! Ons het dit, amen, dis nou hier.

118 Jesus Christus het opgestaan uit die dood, en is lewendig na tweeduisend jaar, wat Homself onder ons vertoon. 'n Bose, 'n owerspelige, slegte geslag, owerspelige geslag, wat *hierdie* geslag is, soos Sodom, ons het weer teruggekom daarnatoe. Hy het gesê: "Daardie geslag sal soek na 'n teken, en hulle sal 'n teken kry, die teken sal die opstanding wees." Begryp julle dit?

119 En dis nou wat hulle dit noem, om te maak, hulle verder weg te stuur van God sê hulle: "Dis 'n duiwel. Dis gedagte lees. Dis telepatie, of iets," sonder om te weet dat dit die opstanding van Jesus Christus onder Sy mense is. Glorie! O, soos dit was in die dae van Jona! Sien? Baie. . .

120 Nou kom ons by Salomo. In die dae van Salomo, enige Bybelleser weet dat dit die goue eeu van Israel was. Dit was hulle beste dae wat hulle ooit gehad het, dit was hulle amateurmillennium, alles was voorspoedig onder Salomo.

Hoekom? Wanneer God 'n gawe vir 'n volk gee, of 'n nasie, of 'n volk, en daardie mense sal daardie gawe herken, is dit 'n goue eeu vir hulle. As hulle dit weier, is dit chaos vir hulle. Dis waarom Hy bly sê het: "Meer as Salomo is hier." En hulle het dit van die hand gewys.

121 Wel, kom ons neem Salomo vir 'n paar oomblikke. Salomo is 'n gawe van onderskeiding gegee, en die hele Israel het om dit saamgetrek, almal het dit geglo. Wel, hy het 'n gawe van onderskeiding gehad, en hy kon onderskei vir die mense. En almal was eensgesind, en eendragtig rondom die groot gawe van God, "Prys God, groot Jehova." Hulle het die liedere gesing, hulle het die tempel gebou, hulle het groot dinge gedoen, want hulle was gelukkig. Jehova het 'n gawe van onderskeiding in een man geplaas, Salomo, en hulle was almal bly daaroor.

122 O, as Amerika, vanaand, sou saamtrek rondom die gawe van God, sou dit 'n goue eeu wees, dit sou 'n millennium vir ons hier wees. Wat as ons sou saamstaan rondom die Gawe van God? Die, dis die Heilige Gees, natuurlik. Die hele Amerika sou saamtrek rondom die gawe wat God vir ons gestuur het, die Heilige Gees, sou dit 'n tyd wees dat hulle elke skeidsmuur tussen Metodiste sou afbreek, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan, Pinksters, en sou ons 'n goue eeu hê, en die krag van God sou deur hierdie nasie van see na blink see trek, elke volk onder die Hemel sou ons vrees.

123 Dis die beste beskerming wat ons het, God se beskerming. Ons hoef nie atoombomme te bou, Rusland in missielwedloop te jaag nie, net terug te kom na God, die Gawe te aanvaar wat Hy ons gegee het, maar hulle wil dit nie doen nie. Wel, jy kan baie van die Pinksterbroers nie eens kry om dit te doen nie, laat staan nog van Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Katoliek, Lutheraan, sovoorts. Kan nie veel kry om Dit te glo nie, hulle ondersteun nie. Wat is dan oor? Chaos. God stuur dit, dit hang van julle af om dit te ontvang.

124 Nou, toe die, daardie gawe ontvang is, al die mense eendragtig, wel, almal wat daar deurgegaan het, sou hulle vir hulle sê: "O, voor julle vertrek, moet julle soontoe gaan. Julle het gehoor van ons God, ons God is Jehova, Groot Jehova, Wat die Hemele en aarde gemaak het. O, voor julle ons volk verlaat, moet julle lank genoeg bly om een van die dienste te sien. O, julle—julle sou verbaas wees om te sien hoe die groot krag van God op 'n man kom, en kyk hoe hy die gevalle onderskei tussen reg en verkeerd vir die mense. Wel, jy behoort dit te sien, dis wonderlik!"

125 Wel, mense sou verbykom en dit sien. En o, wel, hulle harte was heeltemal verlig, en weg. Niemand wat praat, sê: "*Ag!* Ek glo dit nie. Uh-um. Dit is nie van God nie." Almal was eensgesind daaroor.

126 As die mense wat die Naam van Jesus Christus genoem word, as die mense wat die Christenkerk genoem word, net daardie

mense alleen, hulleself sou vergader, en bid, en die Gawe aanvaar wat God vir ons gestuur het, sou daar nie een vuil woord oor die Ding wees nie. Wel, daar sou so 'n wonderlike uitstorting van die Heilige Gees wees, die nasies sou dit hoor, hoofopskrifte, televisienuus, dit sou om die wêreld gaan, as ons dit net kon kry, maar hulle sal dit nie doen nie. Wat is dan oor? Daar wag 'n atoombom vir ons, dis al, vir die ongelowige, Jesus wag vir *ons*. Dank die Here! Daar is 'n uitweg, "Soveel as wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die mag gegee om seuns van God te word, hulle wat in Sy Naam geglo het."

127 Nou, Salomo, ons vind toe uit dat mense gepraat het, en, oral. Toe die nuus, hulle het nie toe televisie, en koerante, gehad nie, die, dit was van lip tot oor. En elke keer wat mense in 'n ander volk sou ingaan, sou hulle die nuus inbring, "O, God, die groot Jehova God van die—van die Jode! Wel, daardie mense is eendragtig. En hulle het 'n groot tempel gebou, julle het nog nooit sulke prag gesien nie, julle het nog nooit sulke eenheid gesien nie, julle het nog nooit sulke krag gesien nie. En God het 'n man daar besoek, en hulle het hom hulle Koning gemaak." Ons kan nie eens een soos daardie 'n pastoor maak nie. Gesê: "Ons maak hom 'n Koning. En, o, wat 'n groot krag wat God gebruik! Daardie kêrel, Salomo, daarbo, God doen 'n groot ding."

128 Nou, die nuus het aanhou versprei, tot dit eendag ver onder in Skeba gekom het. Nou, dis 'n lang pad soontoe. En daar sou karavane deurkom, julle weet, en—en hulle sou, soos hulle inkom, elke reisiger wat deurkom, natuurlik sou hulle inkom om die hoofde van die nasies te sien. En hierdie volkie het 'n Koningin daaroor gehad, naamlik die Koningin van Skeba, waarna hier verwys word as die Koningin van die Suide omdat dit suid van Palestina was. Die Koningin van die Suide, gesê, het gekom van die uiteindes van die aarde af. Dit was die uiteindes van die *bekende* aarde, in daardie dag. Sy was al die pad af, oorkant die Sahara Woestyn. Meet dit op julle kaarte, lang paaie soontoe.

129 So, uiteindelik het die nuus haar bereik. En almal wat van Palestina af sou kom, sou sê: "Sê, ons het nou net deur Palestina gekom, jy behoort die eenheid van daardie mense te sien. Hulle God het 'n man gesalf, en daardie man doen die tekens van 'n lewende God, 'n tekens wat 'n mens nie kan doen nie. Hulle God moet 'n regte God wees."

Julle weet, geloof kom deur . . . [Leë kol op band—Red.]

130 "Maar julle moet die groot Gees op hom sien. Ek het nog nooit sulke onderskeiding gesien nie. O, dis onfeilbaar, elke keer presies die waarheid, julle moet dit sien. Ek het nog nooit so-iets gesien nie."

131 Sy het begin honger, begin dors. O, ek hou daarvan, dors. O, wanneer jy dors is, daar is iets daaromtrent! Jy kan nie met 'n

man praat oor water, dat hy dors word nie, maar wanneer hy dors word, gaan hy iewers drink, hy's dors.

132 Hier 'n tyd gelede, het ek gelees in Psalms 63, Dawid het gesê: "Omdat u goedertierenheid vir my beter is as die lewe, sal ek U Naam prys."

Ek het gedink: "Wat het Dawid bedoel? *Lewe*, dis die grootste ding wat daar is, so daar moet verskillende verklarings van *lewe* wees."

133 Nou, party mense dink die *lewe* is drink, en tekere gaan, en rondgaan, maar daardie soort lewe het hartseer daaraan gekoppel. Dit uiteindelik. . . Daar's geen. . . Dit is nie die soort lewe waarvan Dawid gepraat het nie. Nou, partymaal sal daardie soort lewe jou 'n pistool laat neem, en jou brein laat uitblaas, van 'n brug af laat spring en selfmoord pleeg. Mense dink omdat, "Man, as ek net 'n miljoen dollar kon maak, sou dit regtig lewe wees." Nee, dis die dood.

134 Hier 'n tyd gelede was ek saam met Broer Sothmann in 'n groot kerk, die arena bo in Kanada, in 'n sekere groot stad. En dit het baie goed gegaan, totdat die Amerikaners opgekom het, en hulle daar opgekom het, een of ander soort losie. En daardie aand toe ek in die hysbak geklim, huis toe gekom het van die diens af, was daar genoeg whiskybottels daarin om 'n kas of twee whisky vol te maak.

En ek het gesê vir die seuntjie wat my opgeneem het, ek het gesê: "Wat is dit?"

135 Hy het gesê: "Hulle is van oor die grens, hierbo." Gesê: "Een of ander soort vereniging hou 'n, een of ander losie hou 'n, hulle jubileum hier." Gesê: "Dit was verskriklik." Gesê: "Is jy Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ek is." Ek het gesê: "Maak my soort van skaam om 'n Amerikaner te wees."

Hy het gesê: "Wel, hulle het dit ook hier."

136 So, ek het opgegaan en uit die hysbak uitgeklim, en toe ek uit die hysbak klim, het ek iets gehoor aan die ander kant van die kamer, lang saal, hierdie groot hotel. Ek het daar gekyk, en hier het twee vroue daar deurgekom, net omtrent vyf-en-twintig, dertig jaar oud, net met hulle onderklere aan, en mans wat agter hulle aantrek, soos *daardie*. Hulle het 'n bottel whisky in hulle hand gehad, en albei van hulle met trouringe aan; hulle man wat babas oppas, miskien, by die huis. O, hulle het net "'n bietjie skoon pret" gehad. Geen wonder ons is verdoem nie. Behoort miskien aan 'n Sondagskool, iewers, of 'n Sondagskoolonderwyseres.

137 Toe het hulle gekom, en hierdie kêrels so dronk, wat op hulle knieë kruip om hulle te probeer gryp, en die kleertjies wat hulle aangehad het, uit te trek. En hulle het soontoe gekom, en hulle

het van hulle af weggekom, hulle. . .En ek het teruggetree in die saaltjie in 'n skaduwee. En een van hulle het hierdie whisky geneem, en 'n groot sluk geneem, soos *daardie*, en dit vir die ander een gegee, sy het haar klein onderrompie opgetrek, en gesê: "Whoopee! Hierdie is lewe!"

Ek het 'n tydjie daar gestaan, ek het uitgestap, ek het gesê: "Verskoon my! Dis die dood!"

Sy het gesê: "Vat 'n sluk."

138 Ek het hulle aan die hand gevang, en ek het gesê: "Kyk hier na die trouringe. Skaam julle julle nie? Selfs al sou julle niks meer as 'n Amerikaanse burger wees nie, is dit 'n skande vir ons land, en ons vlag, en wat ons voorvaders hierdie volk gevestig het om te wees! Ek's ook 'n Amerikaner, ek's 'n Evangelieprediker."

Hulle het begin spring, en trek, en spring, snork, na my geskop, en alles, en weggekom, en in die gang af het hulle gegaan.

139 Dit is nie lewe nie, dis dood! Wat maak 'n, wat sou 'n pragtige jong vrou so-iets soos daardie laat doen? Wat sou 'n man, miskien met sy vrou by die huis wat ook babas oppas, en hy daarbo wat agter haar aantrek, 'n ander man se vrou? Waarom drink hulle? Wat veroorsaak dat mense sondig? Is omdat hulle dors is. Dis reg.

140 Toe God 'n menslike hart gemaak het, het Hy 'n plekkie daarin gemaak vir Homself. Hy het jou gemaak sodat jy sou dors, nie daarna dors nie, maar dors na Hom. Hoe durf 'n man of 'n vrou, burger van enige land, daardie heilige dors probeer les met die dinge van die wêreld!

141 Dis waarom hulle dit doen, want, julle het nie nog 'n drankie nodig nie; julle het nie 'n sigaret nodig nie, julle rokers; julle het nie nog 'n drankie nodig nie, julle mense wat drink; julle het nie 'n ander partytjie nodig nie, julle het God nodig, is wat julle nodig het, om te dors na geregtigheid. God het daardie plek gemaak, en julle laat dors, dis deel van julle. Hy het daardie plekkie in jou hart gemaak om Self op die troon te sit, en om jou dors te bevredig.

142 Dit sal jou niks help nie, dit sal jou 'n dwelmverslaafde maak, of—of iets anders, en jy sal nooit tevrede wees nie, en dit sal nie bevredig word nie, totdat jy die Ding vind waarvoor dit gemaak is. Jy verbaster weer iets, probeer iets daar gee wat God vir Homself gemaak het. En dit, wat 'n persoon laat dors.

143 Hierdie klein Koninginnetjie, watter groot verskil! Sy het gedors omdat haar klein, nederige hartjie na God gesoek het. Nou, naderhand het daar soveel gekom, dat sy gedink het: "Wel, ek gaan soontoe om self uit te vind."

144 Nou, daar's 'n goeie idee, sy kan Amerikaanse vroue leer hoe om te lewe. Sien, Amerikaners sal by die huis sit, en: "Ag, wel, Doktor *So-en-so* het gesê dit was nie reg nie." Hulle sal by die huis sit. Hierdie vrou het nie omgegee wat Doktor *So-en-so* sê nie,

sy het gedors om vir haarself uit te vind, en sy was vasbeslote om te gaan. Sy het baie gehad wat haar gekonfronteer het. Onthou, sy was 'n heiden, sy sou haar heidense priester moes gaan vra of sy kon gaan.

145 Kom ons gaan saam met haar, ek hoor haar afgaan, sê: "Heilige eerwaarde vader, is dit moontlik dat jy my kan verskoon, as die Koningin? Ek hoor hulle het 'n groot herlewing aan die gang hierbo in die volgende nasie, dat God, hulle God afgekom het, en die mense gesalf het, tot hulle almal eendragtig is. Hy het Sy Gees op 'n man geplaas, Hy wys groot onderskeidings. O, heilige vader, sal jy my van die kerk verskoon, sodat ek kan gaan?"

146 "Nou, my dogter, jy moet onthou wie jy is, jy het groot aansien. Jou moeder het na hierdie kerk toe gegaan, jou vader het na hierdie kerk toe gegaan, jou oupa, ouma, en hulle oupa, ouma, het na hierdie kerk toe gegaan. Nou, daar's nie sulke goed soos daardie nie. Moenie meegevoer word deur van daardie fanatisme nie." Jule weet mense sterf, maar geeste nie, so, hulle lewe nog steeds, het dieselfde gesindhede.

147 "So moenie rondhang by daardie klomp nie, hulle moet holy-rollers wees daarbo. Moenie na hulle luister nie. Nou, as daar enigiets soos daardie aangaan, sou dit in *ons* kerk gebeur, sien, sou dit hier onder by ons wees," sou hulle sê. "Dis hoe dit sou wees, jy sien."

148 So toe, voor jy jou kom kry, het sy gesê: "Maar kyk, meneer," kom ons luister na wat sy gesê het: "maar kyk, meneer, al wat ek gehoor het van my oumagrootjie, en moeder, ensovoorts, was alles, net 'n klomp geloofsbelydenisse, en dinge, wat julle hier opsê, wat kyk na een of ander soort afgod, en ons het nog nooit een sien beweeg nie. Ek het nog nooit enigiets gesien behalwe 'n klomp mense wat lewe soos die wêreld wat hiernatoe kom, en geloofsbelydenisse opsê, en teruggaan nie. En ek het geen bonatuurlike teken van enige lewe in enige afgod, of in die kerk, gesien nie. En hulle sê vir my dat hulle die Artikel het, dat God by hulle lewe. Ek gaan, in elk geval." Amen. Ek hou daarvan.

149 Jy God laat begin werk met 'n hart, is daar nie genoeg priesters in die wêreld om hulle weg te hou daarvan nie, genoeg fanatici, óf, hulle weg te hou daarvan nie, hulle kom, in elk geval, God begin werk met die menslike hart.

150 Ek kan haar sien omdraai, uit die kerk uitgaan. Nou, onthou, sy was 'n vrou om mee te begin, 'n dametjie wat moes gaan. Nou onthou, sy het dit ook gesê, sy het gesê: "Nou, ek gaan soontoe om daarna te kyk. Die eerste ding wat ek beter doen, sou 'n klomp Joodse Boekrolle koop, en kyk watter soort God Jehova is."

151 Dis 'n goeie idee. "Ondersoek die Skrifte, want in Hulle, Dit is Dié wat van My getuig." Goed.

152 Toe het sy die Boekrolle ondersoek, en alles wat op die Boekrolle was uitgevind hoe Jehova was, wat Sy geaardheid was, wat Hy gedoen het. Dis 'n goeie ding vir elke Bybelleser. Wanneer jy na 'n diens toe kom, jy dit nie kan verstaan nie, kyk of dit volgens die Skrif is, as dit nie Skriftuurlik is nie, gooi die ding weg, as dit die Skrif is, ontvang dit. Dis reg. Wat. . .Doen wat Jesus gesê het om te doen.

153 Toe het sy die Boekrolle gekoop, en sy het Hulle gelees, sy het gesê: "Wel, ek weet die Boekrolle sê dit, Hy's daardie soort, die profete sê almal dat Hy daardie soort van 'n—'n God is, en Hy is die God van daardie soort. So ek gaan soontoe, en ek gaan 'n klomp geld saam met my neem, as dit die waarheid is, sal ek dit ondersteun, as dit nie die waarheid is nie, dan gaan ek dit nie ondersteun nie, ek sal my geld terugbring."

154 Dit sou 'n goeie les wees vir 'n klomp Amerikaners. As—as die Amerikaanse mense dit sou ondersteun wat reg is, dit wat bewys om God te wees! Maar hulle ondersteun alles behalwe dit, byna. Ek reken dit moet net so wees.

155 Nou onthou, sy het haar kamele opgesaal, en 'n paar diensmeisies saam met haar geneem, en die hofdienaars uit die tempel, en sy het met haar reis begin. Nou onthou, sy moes nie net oor die straat gaan nie, sy het honderde myle deur die Sahara Woestyn gehad, nie in 'n lugversorgde Cadillac nie, maar op die rug van 'n kameel.

156 Geen wonder Jesus het gesê sy sal op die Oordeelsdag opstaan en hierdie geslag veroordeel nie, party mense sal nie oor die straat stap om een van die dienste te sien nie, en sy het van die uiteindes van die wêreld gekom om die wysheid van Salomo te hoor, en hier is meer as Salomo. Salomo se God is met ons, sekerlik, besig om dieselfde ding te doen wat Hy in Salomo se dae gedoen het. Geen wonder Jesus het gesê sy sou opstaan in die Oordeel, en hierdie geslag veroordeel nie.

157 En nog 'n ding, sy het baie geld gehad, mirre, en wierook. O, dit was—dit was, daar's geen manier om die prys, tienduisende dollars se waarde daarvan te bereken nie. Nou moes sy die woestyn oorsteek, Ismael se kinders was daar buite in die woestyn, en hulle was rowers.

158 Maar, julle weet, daar's iets daaromtrent, wanneer jou hart begin honger na God, jy geen vrees ken nie, jy gaan net aan, in elk geval, jy dink nie daaraan nie. "Wat Mamma gaan sê, wat Pappa gaan sê, wat *So-en-so* gaan sê, wat my baas gaan sê," bly jy net aan beweeg. Wanneer jy begin honger en dors na God, begin iets kom, gaan jy agter dit aan, in elk geval.

159 Sy het oor die woestyn begin gaan, moes miskien in die nag reis, omdat die dagtyd so warm sou wees. Daardie direkte strale van daardie—daardie son daar onder op daardie Sahara Woestyn sou die vel van jou afbrand, byna. En julle weet hoe lank dit neem

om oor te steek, 'n karavaan om daardie woestyn oor te steek? Negentig dae, drie maande. Maar daar was *Iets* wat haar gesleep het, haar getrek het.

160 O God! Sjoe! "Geseënd is hulle wat honger en dors, want hulle sal gevul word." Honger en dors. O, totdat jy dors word kan jy nie met jou daaroor praat nie, maar wanneer jy begin dors, dan is jy gereed.

161 Sy was, het . . . Sy het nie gedink aan Ismael se kinders nie, God sou dit beskerm, as hierdie God God was, sou Hy haar beskerm. En sy was op haar pad, dag, in die maanlig . . . bedags sou sy daar onder rondlê saam met haar diensmeisies daar, en hierdie Boekrolle lees, en sê: "Is, daardie groot hemele, het Jehova dit gemaak? Het Hy *hierdie* gedoen? Ek gaan uitvind. Hulle sê hulle het 'n teken daar, ek gaan kyk of dit reg is."

162 Uiteindelik, het sy by die paleishekke aangekom. Toe sy uiteindelik by die paleishekke gekom het, het sy nooit gekom om net te sê: "Ek gaan in en gaan sit, en as daardie kêrel een ding sê teen ons teologie by ons kerk, sal ek reguit opstaan en uit die gebou uitstap," nie. Nee, dis die Amerikaanse gesindheid, julle sien, maar nie hare nie. Sy het daar kom sit totdat sy ten volle oortuig was, dit getipeer met die Skrifte. Sy het haar tente opgeslaan, en alles, gereedgemaak vir die diens.

163 En ek kan my voorstel die volgende oggend het sy haar beste aangetrek, en haar—haar diensmeisies, en hulle het na die deur toe gegaan. En die hele koor het die groot liedere gesing, en die basuine het geblaas, en die offerande is geoffer, die hele voorprogram is afgehandel, en Salomo het op die platvorm uitgekom.

164 Sy het gesê: "O, daar is hy. Dit moet die kêrel wees wat God gesalf het. Nou, as hierdie God . . . Nou, laat ek nou sien, laat ek sien, ek sal al hierdie profete nou repeteer, ek sal kyk of dit reg is."

165 Voor jy jou kom kry, het hulle die eerste geval geroep, en sy het gevind dat Salomo se gees van onderskeiding volmaak was. Dag na dag, het sy dit dopgehou, nie 'n fout daarin nie, nêrens nie. Haar hartjie het begin klop, naderhand, soos dit swaar begin klop het, is haar gebedskaartjie uiteindelik geroep, en sy het opgekom.

166 En toe sy daarbo gekom het, het sy voor Salomo gestaan, sy het 'n geheim in haar hart gehad, en Salomo, het die Bybel gesê, het haar alles vertel, daar was niks weerhou nie. God het alles aan Salomo geopenbaar wat sy wou weet. Is dit reg? Dis die gees van onderskeiding, sekerlik, dit alles aan haar geopenbaar.

167 En toe haar gebedskaartjie geroep is, en sy daar opgekom het, en Salomo die hele ding aan haar geopenbaar het deur die Gees van God, het sy na die gehoor gedraai, en sy het gesê: "Alles wat ek gehoor het, is die waarheid. En meer as wat ek gehoor het, is

die waarheid, dis groter as wat ek gedink het.” Hoekom? Sy het in die Teenwoordigheid van Jehova gestaan. Halleluja! O!

168 Wens ek kon dit kry soos ek dit sien. O, goeiste! Besef julle wanneer die Heilige Gees neerdaal, en die krag van God die plek tref, Jehova teenwoordig is, daardie selfde Jehova? Hoe kan ons stilsit? Wat moet ons doen?

Julle sien, ons dink: “O, as ek toe daar was!”

169 Jy sou dieselfde gevoel het wat jy nou voel. Dis nou groter as wat dit toe was, want daar is op een man, hier is dit op al die mense wat Hom sal ontvang. Dit was vir een man, Salomo, nou is dit vir wie ook al hom sal laat kom. Amen.

170 Meer as Salomo wys hier die teken van Sy opstanding. Hy het vlees geword, en gesterf om jou sonde weg te neem, weer opgestaan op die derde dag, teruggekom in die vorm van die Heilige Gees, en die werke wat Hy gedoen het, doen Hy reg onder die mense, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Halleluja! Ek sê *halleluja*; beteken “prys ons God.” O, ja. Hy’s hier.

171 Geen wonder Jesus het gesê: “Sy sal opstaan in die Oordeelsdag en hierdie gesla-. . .” Behalwe dit, kyk wat sy vir Shreveport gesê het, en baie van hierdie plekke, die Pinksterkerke: “Nie net dit nie, maar geseënd is diegene wat by jou is, wat staan en saam met jou bedien. Geseënd is hulle, want hulle sien hierdie dinge dag na dag gebeur, geseënd is hulle. Geseënd is die manne wat by jou is, wat by jou staan, wat hierdie gawe dag na dag sien werk.”

172 Jesus het gesê sy sal opstaan in die Oordeel en daardie geslag veroordeel, dis reg, en *hierdie* geslag veroordeel. Want hoeveel te meer sal sy *hierdie* een veroordeel teenoor *daardie* een? Want kyk na die baie meer Lig wat ons het sedert daardie dag: dood, begrafnis, opstanding, die Heilige Gees Self reg by ons. Sien wat ek bedoel? Dis te alledaags. Dis wat—dis wat die Heilige Gees vir die Pinkstermense is, Dis te alledaags.

173 ’n Ou man wat eenkeer in die binneland gewoon het, was op sy pad af na die seestrand toe. En hy sou boeke skryf, en hy het dikwels van die see geskryf, hoe pragtig dit was. Eendag op sy pad ondertoe, het hy afgegaan na die seestrand, en hy het ’n ou sout ontmoet wat van die see af gekom het, en hy het gesê: “Waarheen gaan jy, my goeie man?”

174 Hy het gesê: “O, ek gaan see toe! Ek het dit nog nooit in my lewe gesien nie.” En hy het gesê: “Ek wil sy groot, sout, wit golwe aanskou soos hulle slaan; ek wil die soutlug ruik; ek wil die geluid van die seemeeu hoor.”

175 Die ou sout het daar gestaan, gekyk, ’n bietjie aan sy pypsteel gekou, gesê: “Ek is daarop gebore, ek was daarop vir vyftig jaar, ek sien niks so opwindend daaraan nie,” en aangegaan. Dis reg,

hy was so gewoond daaraan, dit was nie meer opwindend vir hom nie.

176 Dis wat die probleem is met die kerk vandag, julle het soveel Daarvan gesien, Dit maak julle nie meer opgewonde nie. Die Heilige Gees is so goed om julle keer op keer, op keer, op keer te besoek, en ons vergeet Dit.

177 In Louisville, Kentucky, 'n paar weke gelede, was daar 'n moeder wat 'n babatjie rondgedra het, en sy, wat daar geloop het, en sy het klein speelgoedjies geskud, julle weet, gesê: "Sien, Skat? Sien, Skat?" Dan sou sy iets anders kry: "Sien, Skat? Sien, Skat?" Die babatjie het net bly staar.

178 En naderhand het dit—dit soort van die mense in die winkel gesteur. Uiteindelik, het sy 'n klokkie opgetel wat geklingel het, sy het gesê: "Kyk, Skat! Kyk, kyk, kyk, kyk! Mamma se skat, kyk!" En die babatjie het net uitgestaar, en sy het oor die toonbank neergeval.

En die mense het gekom om haar te help, hulle het gesê: "Wat makeer?"

179 Sy het gesê: "O, my seuntjie, hier nie lank gelede nie," gesê: "het net reguit in die ruimte begin instaar." En gesê: "Ek het hom dokter toe geneem 'n rukkie gelede, en hy het gesê hy was beter, maar hy is nie." Gesê: "Niks kan sy aandag trek nie." Gesê: "Goed wat 'n klein seuntjie van sy ouderdom se aandag behoort te trek, dit trek nie sy aandag nie, hy sit net en staar in die ruimte in."

180 Hoe waar is dit van die kerk vandag! God het elke soort gawe wat Hy kan, voor die kerk geskud, en hulle het steeds gesit en staar, op soek na iets anders. Halleluja! Dis reg. God gaan moeg word, naderhand, om gawes voor julle te skud. Sit verlam.

181 Sien 'n Oral Roberts, ensovoorts, wat die siekes genees, en groot tekens en wonders van die herrese Messias, en die mense sit, sê: "Wel, ek weet nie." Sien?

182 Dit trek nie meer hulle aandag nie, iets het met hulle gedagtes gebeur. Hulle lyk net asof hulle net verstandelik versteurd is, of geestelik versteurd. En hulle karakter, jy kan hulle vertel van heiligheid, en hoe om te lewe, hulle gee nie 'n bietjie meer aandag daaraan, asof jy dit nie eens gesê het nie. Dit nie . . . Hulle besef nie dat 'n seun en 'n dogter van God moet optree soos 'n seun en dogter van God nie, hulle behoort hulle posisie te besef, nie te stry, baklei, struwel, aangaan, wrokke koester nie.

183 Hier 'n tyd gelede in die suide hier, het hulle altyd die gekleurdes as slawe verkoop. En hulle sou hulle op die veilings verkoop, net soos jy motors sou, gebruikte motors, 'n koopbrief vir hulle kry. Was nooit reg nie. Toe toe . . . Eendag het daar 'n makelaar verbygekom, en wou 'n paar slawe koop op 'n plantasie. En hulle sou die groot manne koop en hulle teel met groot vroue, en swaarder slawe maak om hulle waens, en ploeë te trek,

en dinge, en hulle werk te doen. En eendag het ’n makelaar verbygekom, en hy het gesê: “Hoeveel slawe het jy?”

Gesê: “Ek het ’n honderd, of twee.” Gesê: “Kyk na hulle.”

184 Hy het almal van hulle opgelet, hulle was weg van hulle tuislande, en hulle moes hulle slaan, en alles, om hulle te laat gehoorsaam, en, omdat hulle hartseer was, het hulle geweet hulle sou nooit weer terug wees by die huis nie, hulle sou hier moes sterf in ’n vreemde land, en hulle sou nooit weer terug wees by die huis nie.

185 Maar hulle het een jong man opgelet, hulle hoef hom nie te geslaan het nie, man, hy het sy bors uitgesteek, sy ken regop, hy was altyd aan die gang. Daardie makelaar het gesê: “Ek wil graag daardie slaaf koop.”

Hy het gesê: “Maar hy’s nie te koop nie.”

Gesê: “Hoekom is hy nie te koop nie?” Gesê: “Is hy die res van hulle se baas?”

Gesê: “Nee, hy’s ’n slaaf.”

Gesê: “Voer jy hom anders as wat jy die res van hulle voer?”

Gesê: “Hulle eet almal in die kombuis, saam.”

Gesê: “Wat maak hom so anders as die res van die slawe?”

186 En die eienaar het gesê: “Ek het dit lank gewonder, maar eendag het ek uitgevind. Oorkant in die tuisland, waar hy vandaan gekom het in Afrika, is sy vader die Koning oor die stam. En hoewel hy ’n vreemdeling is, en weg van sy tuisland, gedra hy homself steeds soos ’n Koning se seun.”

187 Hmm! As wat behoort ons onsself te gedra? As lafaards? Ons is seuns en dogters van God! Ons is uitlanders, ons is pelgrims en vreemdelinge hier, maar ons loop terug op God se Woord. Dis Sy. . . Ons is seuns en dogters van die Koning, sal nie lieg, steel, drink, rook, aangaan soos daardie nie, vroue behoort nie hulle hare te sny en op te tree soos straatvroue, daardie soort klere aan te trek nie, ons is seuns en dogters van God, Koning se seuns en Koning se dogters. Hierdie is nie ons land nie, ons sal eendag in hierdie land sterf, maar ons is op ons pad Huis toe. Laat ons onsself gedra as seuns en dogters van God. Dis reg.

> En *die koningin van die Suide sal opstaan*. . .*in die* dag van *oordeel* en hierdie geslag veroordeel; omdat *sy van die* uiteindes *van die aarde af gekom het om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, hier is meer as Salomo*.

Laat ons ons hoofde net ’n oomblik buig.

Ek’s die kind van ’n Koning!
Ek’s die kind van die Koning!
Met Jesus my Verlosser,
Is ek die kind van die Koning!

My Vader is ryk met huise en lande,
Hy hou die rykdom van die wêreld in Sy hande!
Van robyne en diamante, van silwer en goud,
Sy koffers is vol, Hy het ontelbare rykdom.

Ek's die kind van 'n Koning!
'n Kind van die Koning!
Met Jesus my Verlosser,
Is ek die kind van die Koning!

188 As jy nie 'n kind van die Koning is en graag vanaand wil wees, om by die geledere in die mistieke Liggaam van Christus aan te sluit, en Hom as persoonlike Verlosser te ontvang, gevul te word met die Gees, sal jy jou hande opsteek, en sê: "Bid vir my, Broer Branham"?

189 Ek het nie tyd om die altaar-oproep hier te maak nie, wil net weet of julle wil hê ek moet vir julle bid. God seën jou, meneer. God seën julle, oral deur die gebou. God seën julle. Baie hande, dosyn of twee, het opgegaan. Nog een keer nou terwyl die Heilige Gees dit diep in hulle hart insink:

Ek's die kind van die Koning!
'n Kind van die Koning!
Met Jesus my Verlosser,
Is ek 'n kind van die Koning!

190 Vader God, dit was U wat gesê het die Koningin van die Suide sal opstaan, en in hierdie laaste aanhaling wat die geslag sou veroordeel, en Jona, die bose en teken-soekende geslag. Ons het hulle vandag, Vader, hulle wil Dit net nie glo soos U Dit geskryf het nie, hulle sê: "Laat ek jou iets sien doen. Wys my 'n wonderwerk. Wys my *dit*." Hulle besef nie daardie gees in hulle was onder deur die eeue in mense nie.

Hulle het vir ons Here gesê: "Wys vir ons 'n teken, ons wil 'n teken hê."

Hy het gesê: "Hierdie hele bose geslag sal 'n teken ontvang, die opstandingsteken."

191 Ons is so bly vanaand. En daardie teken waarvan Hy toe gepraat het van Jona, die einste ding wat hulle gesê het Hy was 'n Beëlsebub, omdat Hy die gedagtes van hulle hart kon onderskei, die einste hoofstuk het gesê Hy het die gedagtes in hulle hart waargeneem, en hulle het gesê Hy was 'n duiwel. En Hy het hulle vertel hoedat die Koningin van die Suide al die pad van Skeba af gekom het om die—die wysheid van Salomo te hoor, en meer as Salomo was daar.

192 En nou, vandag, is daardie selfde herrese Here Jesus in ons midde, in die vorm van die Heilige Gees, by ons hier, wat in ons beweeg, dieselfde dinge doen. En die bose geslag, owerspelige geslag, trou, uitgegee in die huwelik, skeihowe, verdraaidheid, seksverdraaiings, allerhande soorte boosheid: "Wys vir ons 'n

teken." U doen dit, die opstanding, maar hulle sal dit nie glo nie, Vader.

193 Nou, hierdie hierbinne, en soos ek gesê het van die—die gekleurde slaaf, hoedat hy nie geslaan hoef te word nie, nee, maak nie saak hoe moeilik dit vir hom was nie, hy het steeds geweet hy was 'n—'n Koning se seun, hy het die sedes van die res van hulle met sy eie gedrag hooggehou, en, Vader, laat ons, as Christene, diegene wat sterk is in Christus, optree soos kinders van God, praat soos kinders van God, positief oor God se Woord, in die wete wat die Heilige Gees vir ons gedoen het.

194 Baie hande het opgegaan, dat hulle Hom wou ontvang as persoonlike Verlosser en Sy kind wou word. God, ek bid dat in hierdie gebedsry, iewers, daar, of, iewers in die diens, dat U daardie teken van die opstanding sal wys wat U deur Jona belowe het. En mag daardie uur, of, daardie oomblik, mag die krag van God hulle in hulle hart verseël met die Heilige Gees en hulle seuns en dogters van God maak, dat hulle karakter verander sou word, hulle begeertes, en hulle doelwitte, en motiewe, en alles in hulle lewe verander sal word. Skenk dit, Here.

195 Ons wag verder op U, die diens is U s'n, dis in U Naam, en ons wag om te sien wat U sal doen. Red diégene Here, moenie dat hulle hierdie gebou verlaat, vanaand, sonder verlossing nie. Skenk dit, Here.

196 Mag hulle almal gevul word met die Heilige Gees. En mag hierdie die klimaks van hulle lewe wees, net nou, dat hulle vanaand uit hierdie gebou sal gaan, en baie ander wat nie hulle hande opgesteek het nie, wat juig, sê: "Was ons harte nie brandende in ons nie? En ons weet dat Jesus opgestaan het uit die dood, omdat ons Hom die siekes sien genees en doen het presies wat Hy gesê het Hy sou doen in die laaste dae. Ons ontvang Hom nederig." Skenk dit, Vader. In Jesus' Naam, bid ons. Amen.

Met Jesus ons Verlosser,
O, is ons 'n kind van die Koning!

Kan julle julle hande opsteek, en dit eenmaal saam met my sing?

Ek's 'n kind van die Koning!
'n Kind van die Koning!
Met Jesus my Verlosser,
Is ek 'n kind van die Koning!

Is julle nie bly nie?

Die groot Geneesheer is nou naby,
Die simpatieke Jesus;
Hy spreek die droewige. . . ,
O, hoor die Stem. . . Jesus,

Soetste noot. . . serafslied,
Soetste Naam op sterflike. . . ,

Soetste lied wat ooit gesing is,
Dis Jesus, liewe Jesus.

Is Hy nie wonderlik nie? Nou eerbiediglik, almal. En nou, die musiek, as jy die heeltyd sal aanhou daarmee, Suster Anna Jeanne.

197 Ek glo Paul het vir my gesê, ek glo vyftig kaartjies uitgegee, was dit nie, Bill? Gebedskaartjie B, die oues opgeneem, en vir hulle die nuwes gegee, sodat ek nie deurmekaar raak nie.

198 Nou, vyftig gebedskaartjies, nou vanaand sal ons nie begin nie, ons gaan net vir die siekes bid. Ons glo dat in hierdie gebedsry. . . Ek wil vir almal van hulle bid, ek wil hê almal moet voor gebid word. En so, nou gaan ons daardie mense hiernatoe roep.

199 Gebedskaartjie. . . Soos ek jou nommer roep, sal jy staan? Sodat as iemand wie ons moet ophelp, wel, kan ons hulle in die ry kry. Gebedskaartjie nommer een, wie het dit? Is jy seker jy was reg? Gebedskaartjie nommer een? Wat's—wat's die letter? B, nommer een. Het jy dit, dame? Kom reguit af hiernatoe. (Kry 'n stoel en gaan sit daar, Billy, vir die. . .)

200 Nommer twee. Wie het gebedskaartjie twee, sal jy jou hand opsteek? Die dame hier. Nommer drie. Help my, iemand, Broer Palmer, kyk vir hulle hand. Steek jou hand op as jy kan, wanneer ek jou nommer roep. Nommer drie. Hierdie man hier. Nommer vier, nommer vyf. Kom net reguit op, neem net jou plek in. Nommer ses, nommer sewe, nommer agt, nege, tien.

201 Gewoonlik, as ons 'n lyn van onderskeiding gaan hê, probeer ek altyd net oorgaan en begin by twintig, of dertig, of iewers soos daardie, maar op hierdie manier maak dit geen verskil nie, want ons—ons gaan reguit in die ry af bid, want ek gaan vir hulle almal probeer bid.

202 Tien, elf. Help my nou. Gebedskaartjie elf, elf. Het dit? Twaalf. (Kyk daar.) Twaalf, dertien, dertien, veertien, vyftien, vyftien. Goed. Sestien, sewentien. Iemand moes dit gekry het en huis toe gegaan het. Sê wat? Aan hierdie kant? Goed, ons sal dan net hier begin. Beweeg dit reg. . . Huh? O, ja. Sewentien, goed, net hier. Wie het sewentien? Niemand nie? Onthou ek het dit genoem. Agtien, negentien, twintig, een-en-twintig.

203 Staan net hier totdat hy gereed is vir jou, kom reguit hier in. Een-en-twintig, twee-en-twintig, drie-en-twintig, vier-en-twintig, vyf-en-twintig, ses-en-twintig, sewe-en-twintig, agt-en-twintig, nege-en-twintig, dertig. Ek het nie dertig gesien nie. Gebedskaartjie dertig. Dertig. Sien dit? Almal praat Engels hier, veronderstel ek, Frans of Engels.

204 Weet enigiemand of enigiemand Frans praat, of iets? Dertig, dertig. o, jy het? O, ek het nie opgelet nie, verskoon my. Een-en-dertig, twee-en-dertig, een-en-dertig, een-en-dertig, twee-

en-dertig. Dis reg. Drie-en-dertig. Dis die manier. Drie-en-dertig, vier-en-dertig, vyf-en-dertig, ses-en-dertig, sewe-en-dertig, agt-en-dertig, nege-en-dertig, veertig.

205 Dis reg, staan net hier in die ry. Sien? Kom almal nou hiernatoe, kom daar deur. Sien? As jy weggaan. . . Goed, veertig, een-en-veertig, twee-en-veertig, drie-en-veertig, vier-en-veertig, vyf-en-veertig, ses-en-veertig. Het dit nie gesien nie, het jy? Ses-en-veertig, ja, ses-en-veertig, sewe-en-veertig, sewe-en-veertig, agt-en-veertig. Goed. Nege-en-veertig, vyftig, vyftig. Het ek dit gesien? Vyftig, vyftig. Is dit. . .? Dit was almal van hulle, was dit nie? Goed. Sekerlik.

206 Goed, nou, terwyl hulle oplyn soos hulle hulle—hulle name noem, en hulle oplyn in—in. . . as iemand hulle daaronder sal help om die mense in 'n ry te kry. Hierdie is 'n lang gebedsry, ons gaan net ons tyd neem, en vir elkeen bid. Nou, wees nou baie eerbiedig almal terwyl hulle die gebedsrye opgelyn kry.

207 Nou wil ek graag dit vir julle sê: Nou, hoeveel weet dat daar geen mens is wat julle kan genees nie? Hoeveel weet dat genesing is, Goddelike genesing 'n voltooide werk van God op Gólgota is? Sien? En dis gebaseer op "wie ook al wil, mag kom, en hulle genesing deur geloof aanvaar," glo dit. Is dit reg? Glo dit deur geloof.

208 Nou, party mense het gawes, soos 'n baie goeie prediker, hy kan maak, daardie Woord van God neem, en dit net daar uitlê soos *daardie*, een of ander goeie teoloog, en kan, dis die gawe van genesing, hulle kan jou dit deur die Woord laat sien. Nou, ek kan dit nie doen nie, want ek—ek is net nie soveel van 'n prediker nie.

209 So, dan kan ek—ek dit nie so doen nie. God het my onkunde daarvan gesien, so toe het Hy my 'n ander manier gegee om julle dit te laat sien, Hy het my 'n gawe gegee om die opstanding van Sy Seun Jesus te manifesteer, sodat julle *daardeur* kan glo. Dis 'n goeie manier, is dit nie? Om te glo aan die Seun van God. Is dit nie reg nie? En wanneer jy dit doen, dan sal jy—sal jy—sal jy genees word. Nou, as Hy kan bewys dat Hy hier is. . . Hoeveel verstaan dit nou? Laat ons sien.

210 Ek soek net na iets om te gebeur in hierdie gebedsry, vanaand, ek weet nie hoekom nie, uh-uh. Ek voel net—net baie goed, dat ek—ek voel dat—dat iets sal plaasvind.

211 Ja, die mense wat kreupel is, of enigiets, sit hulle net hier langsaan, soos die stoele, ensovoorts, ek sal—ek sal afkom, vir hulle bid, meneer.

212 Ek wil hierdie hierbo neerlê, ek hou daarvan om eers die salwing van die Gees te voel, voor ek—ek bid vir hierdie lappies en dinge. Nou, ek wil hê julle moet baie eerbiedig wees. En net, nou, ek nie. . . Wanneer ek bedoel eerbiedig. . . Sien, wanneer die Heilige Gees spreek. . .

213 Nou, al hierdie mense in hierdie gebedsry is vreemdelinge vir my, ek nie—ek sien nie 'n persoon daarlangs wat ek ken nie. Is Broer Babbs daar binne? Ja, Broer Babbs is daar agter, ek ken hom. Ek reken, sien julle enigiemand daar binne wat ek ken? 'n Dame knik haar kop daar dat ek haar geken het, so ek. . . Ken ek jou daar, dame? Ek. . . O, ek het vir jou gebid. Ek bedoel, ek. . . Wel, ek weet dit: ek weet niks wat verkeerd is met jou nie. Ek het geen idee om te weet wat verkeerd is met jou nie, sekerlik. Maar God weet, weet Hy nie? So dis waaraan ons dink.

214 Nou, in die gehoor, ek reken al die gebedskaartjies staan hier in die ry, julle in die gehoor wat nie 'n gebedskaartjie het nie, en tog glo jy dat God sal genees en jou gesond maak, hoeveel glo dit? Nou, mag God dit skenk.

215 Nou, laat ons nie haastig wees nie, almal eerbiedig. Nou, vir hierdie gebedsry, dit sal waarskynlik omtrent twintig minute neem om die gebedsry deur te kry. En dan wanneer ons dit doen, wil ek hulle nie net laat deurgaan deur hande op hulle te lê nie, ek wil vir hulle bid. Ek sal. . . Ek—ek—ek glo dat dit die manier is as ek, God my dit sal laat doen. Maar ek wil hê julle moet nou weet, sonder enige onderskeiding, die Heilige Gees is hier, in elk geval.

216 Hier nie lank gelede nie, was daar 'n man in 'n sekere diens wat net nie geglo het in my leer van die Bybel nie. En hy gaan na 'n diens toe, die sekere kêrel, en sonder om te weet dat ek daarvan weet, want hy het dit skaars gesê, en ek sou dit in 'n visioen in my hotelkamer sien. Ek sien nie hoe sommige mense dit kan doen, en opkom, en hierdie dinge sê, wanneer jy weet jy weet beter nie. Sien?

217 So, hy het gesê: "Nou, Broer Branham is 'n profeet van die Here," hy het gesê: "maar moenie na sy leer luister nie, want hy's verkeerd."

218 Dieselfde Heilige Gees wat die diens gepreek het vanaand, dieselfde Heilige Gees wat al hierdie dinge preek, is dieselfde Heilige Gees wat die gedagtes van die hart onderskei. Sekerlik.

219 Wat is die merk van 'n profeet? Hy's 'n Goddelike uitlêer van die Goddelike Woord. Dis presies. "Die Woord van die Here het na die profeet toe gekom." Dis na wie toe Dit gekom het, nie die teoloog nie, die profeet. Weet julle wat *profeet* beteken? Neem die woordeboek en kyk en kyk wat dit beteken: "n Uitlêer van die Goddelike Woord."

220 En kom dan en sê so-iets! Sien hoe. . .? Mense het net so *kerklik* geraak, dat hulle God nie meer ken nie. Dis reg. Dis wat ons so *muilagtig* maak. Uh-huh. Dis net, julle wil terugkom na daardie stadium van ware, egte Heilige Gees geloof.

221 Ja, ek sien een man wat ek ken, hierdie Baptiste broer wat hier oorkant sit, Broer Daulton. Ek wil iets sê. Ek verwag, Broer Daulton. . . Jy sien waaroor ek hulle daar oplyn.

222 Hoeveel het die storie van die eekhorings en dinge gehoor? Julle het almal hier onder, reken ek, ensovoorts. ’n Nuwe bediening begin posvat in my lewe, dis waarvoor ek hierdie hier het vanaand om te probeer. Ek het dit omtrent drie of vier keer sien gebeur. Die eerste keer wat dit ooit gebeur het, met ’n sterflike wese; die tweede keer wat dit gebeur het, was met hierdie Baptiste broer wat hier oorkant gesit het. Hy staan daar by die kerk, sy kinders tienerjare, roekeloos soos hulle kon wees. En hy was, ons het vir sy kinders gebid, meteens het daardie selfde Jehova-Jireh omgedraai, ek het gesê: “Ek gee vir jou jou kinders, in die Naam van Jesus Christus.”

223 Ek dink elkeen van hulle is nou gered, elkeen van hulle, almal van hulle gered, elkeen van hulle. Die broer wat net daar sit van Willow Shade, of Somerset, is dit nie Kentu-. . ., Somerset, Kentucky nie. Iemand hierbinne, sommige van julle Baptiste wil ’n Baptiste prediker met die Heilige Gees sien? Staan net ’n oomblik op, Broer Daulton. Daar’s ’n Kentucky Baptiste prediker met die Heilige Gees. Is dit nie wonderlik nie? Is beslis.

224 Goed. Nou laat ons baie eerbiedig wees. Broer Brown, is jy. . .? Of, party van julle help van hierdie kant van die platvorm af. Nou julle sonder gebedskaartjies, wees baie eerbiedig, wees net baie nou, almal. Nou, as die Here iets doen, en jy wil Hom prys, goed, maar, sien, bly net op jou plek, bly wag, bly onder verwagting. Julle daarbuite nou, wat nie ’n gebedskaartjie het nie, miskien sou die Heilige Gees sê: “Draai om.”

225 Hoeveel was nooit tevore in een van hierdie dienste nie? Laat ons julle hande sien. Was nooit in ’n. . . Wel, goeiste, goeiste! Ek reken dis. . . Verstaan julle nog steeds die diens, my bediening? Dis, was nog nooit in een nie, maar tog verstaan julle dit? Steek julle hande op. Wel, dis—dis dan in orde, julle—julle het nie. . . Julle verstaan.

226 Sien, dit is nie ek nie, maar Jesus, die Seun van God, is die Hoëpriester van ons belydenis, belydenis, dieselfde ding, wat sit aan die regterhand van die majesteit van God, wat daar sit, wat voorspraak maak volgens ons belydenis. Is dit reg? Eers, moet ons bely Hy het dit gedoen, dan begin Hy voorspraak maak.

227 En Hy’s die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur wat? Die gevoel van ons swakhede. Dan as ons Hom kan aanraak met ons swakhede, en Hy’s dieselfde Hoëpriester gister, vandag, en tot in ewigheid, sou Hy nie op dieselfde manier optree nie? Is dit reg? Hoe het Hy dan gemaak toe ’n vrou Hom aangeraak het? Hy het omgedraai, haar vertel van haar bloedvloeiing, en vir haar gesê haar geloof het haar gered. Is dit reg?

228 Hoeveel daarbuite dink julle het, wat siek is, wat dink julle het genoeg geloof om Hom aan te raak, laat ons julle hande sien, oral, dat julle siek is. God seën julle.

229 Ek—ek glo, laat ons, goed, laat ons net een kry, dat ons kan begin, daardie salwing. As dit net een persoon is, sal julle almal niks sê nie, gaan julle net voort. Is dit reg? Ek wil eers die salwing kry, sodat mense sal besef.

Hierdie vrou hier, ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar, is ons, dame? Ons ken nie mekaar nie.

230 Goed. Hier's 'n dame wat 'n vreemdeling vir my is. Ons is myle uitmekaar gebore, jare uitmekaar, en hierdie is ons eerste keer wat ons ooit in die lewe ontmoet het, sover ek weet. Sy sê sy's 'n vreemdeling, en God weet ek ken haar nie. Daar's iets waarvoor die vrou hier is, mag huislike probleme wees, mag finansiële probleme wees, dit mag siekte wees, dit mag vir iemand anders wees, ek weet nie.

231 Maar hierdie is 'n teken, soos Johannes 4, om dit Skriftuurlik vir julle te maak, 'n vrou en 'n man ontmoet vir hulle eerste keer op aarde. Jesus het net 'n paar minute met die vrou gepraat om uit te vind, om haar gees te kontak. Hoeveel weet dit? Hy het met haar begin praat oor segregasie, sy het gesê: "Dis nie reg vir jou om vir my, die Samaritaan, te vra, maar, enigiets met mekaar te doen te hê nie."

Maar toe Hy haar probleem gevind het, het Hy gesê: "Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe." En Hy het haar vertel.

232 En sy het gesê: "Ek, Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is. Nou, ons weet dat wanneer die Messias kom, Wat die Christus genoem word, wanneer Hy, ons weet Hy kom, wanneer Hy kom, sal dit Sy teken wees."

233 Hoeveel weet dit, die Bybel dit leer? Wel, as dit die Messiasteken gister was, en Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, sou dit nie dieselfde teken vandag wees nie? Hier is ons, twee bymekaar, nog nooit tevore ontmoet nie.

234 Nou, as Hy haar sal vertel wat was, nou, sal sy weet of dit waar is of nie, wat verkeerd is met haar, of waarvoor sy hier is, iets wat ek nie weet nie, wat dit ook al is, dan sal sy weet of dit waar is of nie, dan sekerlik, sou sy dit weet, sou almal moes weet dit sou van een of ander geestelike krag wees. Is dit reg? Want daar's geen manier vir my om die vrou te ken nie, ek het haar nog nooit gesien nie, sy ken my nie, en hier staan ons.

235 En julle daarbuite, ek ken julle nie, maar God ken julle, en Hy het belowe om dit te doen. Hy doen dit nie omdat Hy—Hy net vir julle Sy goedheid wil wys nie, Hy doen dit om Sy Woord te vervul. Jesus het die siekes genees, nie omdat Hy moes nie, maar omdat Hy die Woord wou vervul. Dis presies, dis waarom Hy dit gedoen het: "dat dit vervul mag word wat deur die profeet gespreek is." En hierdie is, vervul mag word wat gespreek is deur Jesus, dat Hy dit sou doen in hierdie laaste dae.

236 O, ons behoort die gebou af te breek, skynbaar, met vreugde. Sien? Maar ons skud steeds die klokkies, en staar, julle sien.

237 O, glorie! Hmm! Net dit, wanneer *daardie* opkom, voel jy dit, dis net *iets*, ek weet nie.

Julle sê: "Jy voel dit nie."

Julle dink net ek kan nie, sekerlik.

238 Goed, suster, net 'n woord met jou, net om 'n oomblik met jou te praat. Een van hierdie dae gaan ons God ontmoet, sal ons rekenskap moet gee van al die dinge wat ons ooit in die lewe gedoen het. As die Here God iets aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, of *iets dergliks* in jou lewe, wel, jy weet of dit reg is of nie, sal jy nie? En dan as Hy dit doen, sal jy dan glo? Jy weet ek kan dit nie doen nie, want ek ken jou nie, as Hy dit sal doen, sal jy dan glo dis Sy krag, Sy Gees wat dit doen? Jy sou sekerlik, dis goed.

239 Ek doen hierdie, net bloot om—om—om haar gees te kontak. Dis presies. Ons is hier, twee menslike wesens, en hierdie is die eerste keer om te ontmoet, en jy's 'n gees, en ek's 'n gees, die Heilige Gees is hier om die probleem te probeer vind.

240 Ja, meneer, ek sien wat die vrou verkeerd het met haar. Sy het 'n kanker, en die kanker is op jou hand wat jy bedek het, keer dat ek dit sien, maar Hy weet dit. Dis reg. Goed, meneer. Het hoë bloeddruk, komplikasies. Is dit reg? Steek jou hand op as dit reg is. Nou, glo jy? [Die suster sê: "Sekerlik."—Red.] Dan veroordeel ek al jou kwale, in die Naam van Jesus Christus, tot die eer van God. Amen. Gaan huis toe, en word nou gesond, Jesus Christus maak jou gesond.

241 Ek's 'n vreemdeling vir hierdie vrou. Ons is gebore, waarskynlik, myle uitmekaar, en jare uitmekaar. Sy's baie jonger as ek, en hierdie is ons eerste keer om te ontmoet-. . . Wel, wag ek sou nie daardie onderskeiding gedoen het nie, maar ek sou net aangaan, maar, wel, ek het begin, kan net sowel voortgaan met die . . . Goed.

242 Nou, dame, as ek in staat sal wees, deur die Heilige Gees, om jou iets van jouself te vertel, iets wat jy weet wat ek nie weet nie, sal jy my dan aanvaar as Sy dienskneg, en glo dat daardie Gees die Christus is, die Seun van God? Sou jy dit glo?

243 Dis regtig nie jy nie, dis iemand anders, dis 'n bejaarde vrou, dis jou moeder, sy het 'n gewas. En ek sien julle kyk in 'n vertoonkasvensters, een of ander plek, ek het dit al tevore gesien, dit lyk, dis Arkansas, Fort Smith. Jou moeder was iewers in my dienste, sy is tevore genees. Dis reg.

244 Jou man het iets verkeerd met sy oë, nie waar nie? Sit hierbuite. Hy gaan nou reg wees. Jy is Mev. Medcalf. Nou, gaan jy net terug, glo aan die Here Jesus Christus, en word gesond gemaak.

Party van julle daarbuite sonder 'n gebedskaartjie nou, glo julle met julle hele hart. Glo julle?

245 Bejaarde dame, jy het nie 'n gebedskaartjie nie, natuurlik het jy nie. As. . . Ek kan jou nie genees nie, moeder. Dis jou dogter. Glo jy dat God aan my sal openbaar wat verkeerd is met jou? Sal jy dit aanvaar? Dis hartprobleme. Dis reg. As dit reg is, steek jou hand op. Word genees, in die Naam van Jesus. Gaan huis toe en ontvang dit. Hê geloof in God. Moenie twyfel nie, glo alle dinge.

246 Daardie man wat daarbuite sit met fistula, glo jy Jesus Christus sal jou gesond maak, as jy dit kan aanvaar? Goed, meneer, steek jou hand op, wit hemp aan. Het jou soort van verras om soveel geloof te hê, het dit nie?

Die dame wat daaragter sit, met 'n hoedjie, wat hoofpyne het, het jy nie, suster? Migraine. Hê geloof in God, God sal jou genees.

247 Nou, julle sien, jy hoef nie hierbo te wees nie, jy moet geloof in God hê. Is dit nie reg nie? Hê geloof in God, dis al. Glo julle met julle hele hart? Moenie twyfel nie, glo, hê geloof, hê geloof in God.

248 Ek ken nie hierdie man nie, hy's 'n vreemdeling vir my. Dit reg, meneer? As God aan my jou probleme sal openbaar, sal jy in my glo as Sy dienskneg, glo aan Christus as die Seun van God? Jy sal? Jy het asma, asmatiese toestand. Hier's nog 'n ding wat verkeerd is, die groot ding verkeerd met jou, jy's nie 'n Christen nie, jy het Christus nodig om jou Verlosser te wees, want jy is geskadu in duisternis. Aanvaar jy Jesus as jou Verlosser? Sal jy Hom nou aanvaar as jou persoonlike Verlosser? En Hy sal jou genees, en jou gesond maak. Sal jy Hom ontvang? Steek jou hand op na Hom, sê: "Here, ek glo U." As jy dit net nou sal doen, en met jou hele hart, sal Hy jou genees van jou asma. Die besluit is joune.

249 Kom hiernatoe, en gaan sit, dink daaroor net 'n oomblik. Glo met. . . Aanvaar jy Hom? [Die broer sê: "Ja, ek doen."—Red.] Dan verklaar ek jou genees, in die Naam van Jesus Christus. Gaan, word gedoop in die Naam van Jesus Christus, roep die Naam van die Here aan.

Glo jy?

Glo jy Hy sal jou genees van daardie senuweeagtigheid? Goed, gaan voort, word genees.

Kom. Glo jy Hy sal jou genees met daardie diabetes? Gaan, en word genees, word gesond gemaak.

Glo jy jou artritis sal weg wees, en God sal jou gesond maak? Gaan, en word genees, in die Naam van die Here.

Glo God sal daardie kanker genees? Gaan, word genees, in die Naam van die Here.

Glo jy Hy sal daardie kanker genees en jou gesond maak? Gaan, glo, in die Naam van die Here, en word gesond gemaak.

250 "As julle kan glo!" Glo julle met julle hele hart almal? Glo almal? Wat as ek nie 'n ding vir jou sê, en net my hande op jou lê, sal jy gesond word? Lê. . . In die Naam van Jesus Christus, gaan, en word genees. Amen. Glo.

Glo jy met jou hele hart?

251 Sien, jy's alreeds genees, toe daardie man daaragter genees is met daardie rektale probleem, soos fistula. Gaan, glo, Mnr. Allen, word gesond gemaak, in die Naam van Jesus Christus.

Kom. Jy het maagprobleme, of jy het gehad, gaan, eet. Jesus Christus het. . .

Glo julle nou? Hê almal geloof, glo met julle hele hart.

252 In die Naam van die Here Jesus, gaan, word gesond gemaak. Jy het gesê jy ken my daarbuite, en dis waarom ek niks gesê het nie. Jy mag gaan. Gaan, in geloof.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, mag ons broer genees word. Amen.

"Vir hulle sal hierdie tekens volg wat. . . "

God sal jou nierprobleem genees, skat, jy sal gesond word, in Jesus' Naam. Gaan, glo met jou hele hart.

253 Kyk hier, skat. Jou hart gaan nou reg wees, en jy gaan gesond wees. Help dit jou? Goed, gaan en word gesond gemaak, in Jesus' Naam.

Ek seën hierdie lappie, in die Naam van Jesus Christus. Amen. Hê geloof.

Glo jy, suster?

Ek bid vir my suster, in die Naam van Jesus Christus, dat sy gesond gemaak sal word tot God se eer. Amen.

Kom, jy het bloed nodig, bloedarmoede. Glo jy dat God jou die. . .

In die Naam van Jesus Christus, mag jy dit ontvang. Amen.

Hê geloof in God.

Glo jy, meneer?

In die Naam van Jesus Christus, mag God van die Hemel jou gesond maak. Amen.

Hê nou geloof, moenie twyfel nie.

Broer Babbs, kom hier. Jy was my broer vir baie dae.

254 Here God, Skepper van Hemel en aarde, stuur U seëninge hier op, my getroue vriend, en maak hom gesond, deur Jesus Christus' Naam, seën ek hom. U Wat die vrug in sy dogter se skoot kon sit, en haar haar pragtige kinders kon gee, U kan ook

genesing in sy liggaam plaas. In die Naam van Jesus, skenk dit. Amen.

Gaan terug, en word gesond, my broer. God seën jou.

Suster Moore, natuurlik, ek ken jou, ook.

255 O Ewige en Regverdige God, Skepper van Hemel en aarde, gee U seëninge hier op, my suster. Sy gaan binnekort in U werk in, Here, ek glo dat sy en Broer Jack heeltemal buite in U werk sal wees. Ek vra nou dat die swakheid en dinge haar liggaam verlaat, en sy gesond gemaak word, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën jou, Suster Moore. Gaan, glo nou. Ek glo dit regtig.

"As jy kan glo, is alle dinge moontlik." Glo jy dit?

Jy's senuweeagtig, is jy nie? Um-hum. Dink jy sy oor sal regkom, hy sal reg wees? Goed, gaan glo. Hê geloof.

256 O God, in die Naam van die Here Jesus, bid ek dat U ons suster sal seën. Genees haar, bid ek in Jesus' Naam, met hierdie groot, magtige kerk wat hier sit onder die salwing van die Heilige Gees, die tekens gesien het wat Salomo gedoen het, en meer as Salomo is hier, die Here Jesus Self in die vorm van die Heilige Gees. Mag hierdie mense nooit twyfel nie. Ek bid, in Christus' Naam. Amen.

Glo nou.

Dame.

257 In die Naam van Jesus Christus, God se Seun, lê ek hande op die kleintjie, en bestraf hierdie duiwel in die, Jesus' Naam, mag hy uitkom, en gesond wees. Amen.

Hê nou geloof, glo.

God, in die Naam van Jesus Christus, bestraf ek die duiwel wat dit aan my suster gedoen het! Mag sy genees word, in Jesus' Naam. Amen.

Kom, suster.

258 Vader God, met U salwing hier op ons, en as die losgekoopte Kerk van God, bid ons hierdie gebed van geloof vir ons suster, beveel hierdie duiwel om haar te verlaat, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Ewige God, Jehova, kom in die krag van U opstanding en genees hierdie, ons suster. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

O Ewige God, neem die senuweeagtigheid van hierdie arme vroutjie af weg, en laat haar gaan en gesond wees, in Jesus' Naam. Amen.

Rede waarom ek dit gesê het, dit het jou net daar verlaat, sien. Gaan jy nou in geloof, en dit sal in orde wees.

Geseënde Vader, met hande gelê op hierdie vrou, met die Heilige Gees wat hier salf, bid ek dat U haar sal genees, in Jesus' Naam. Amen.

Glo nou, jou hele hart.

Groot Jehova God, ek bid vir my suster, saam met hierdie magtige kerk, in die Naam van Jesus Christus, mag sy genees word. Amen.

Here, met my hande gelê op syne, vra ek hierdie versoek en hierdie gebed vir hom, in die Naam van Jesus Christus, mag hy genees word. Amen.

Ewige God, Outeur van Ewige Lewe, Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge op ons suster, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Vader, in die Naam van Jesus Christus, bid ek dat U hierdie vrou sal genees en haar heeltemal gesond sal maak, deur die opstanding van Christus. Amen.

Hemelse Vader, in die Naam van Jesus Christus, genees hierdie dogtertjie en maak haar heeltemal gesond tot U eer. Amen.

Ewige en Regverdige God, ons wag om U groot hand te sien. Beweeg O God, en genees ons suster, in Jesus' Naam.

Ewige God, Outeur van Lewe, seën my broer, wat ek seën in Jesus' Naam, vir sy genesing. Amen.

Jehova-Jireh, die Geneser, kom en wees hierdie vroutjie genadig, ernstig siek. Mag sy genees word, in Jesus' Naam. Amen.

Moenie nou bekommerd wees nie.

259 Jehova God, in die Naam van Jesus Christus genees hierdie, my suster, vir wie ek bid. "Die gebed van geloof sal die siekes red." Die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg, as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." U het dit belowe, God, ek glo dit, en ek weet dat ons nou gesalf is met die Heilige Gees. Amen.

260 Ewige God, seën my Suster Schrader, en ek bid, God, dat U haar krag sal gee soos sy nog nooit tevore gehad het nie. Mag sy hiervandaan gaan, vanaand, in die krag en Gees van die Heilige Gees, en U dien al die dae van haar lewe. Kry heerlikheid uit haar, Here, maar sy moet krag hê, versterk haar, Here. En hierdie senuweeagtigheid wat hierdie kwaad aan haar doen, ek veroordeel dit, in die Naam van Jesus Christus.

261 Suster Schrader, in die Naam van die Here, daar's niks verkeerd met jou behalwe jou senuwees nie, ek sê dit in Jesus' Naam. Jy het nie een stukkie TB, of niks nie, dis jou senuwees, en dit kry jou onder. Bestraf hierdie ding, en stap weg, en word gesond.

God, in die Naam van Jesus Christus, bid ek dat U haar sal genees. In Jesus' Naam. Amen.

Ewige God, ek lê hande hier op, my broer, in die Naam van Jesus Christus, vra ek vir sy genesing. Amen.

Seën jou, broer.

Here God, die God van die leërskare, ek bid dat U hierdie arme klein, swak vroutjie sal help, en haar krag gee, en haar genees, in Jesus' Naam. Amen.

Gaan blymoedig, suster.

In die Naam van Jesus Christus, lê ek hande op hierdie man, en genees hom. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

God, in die Naam van die Here Jesus, bid ek dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak, tot die eer van God. Amen.

Hemelse Vader, ek lê hande op my suster en genees haar. In die Naam van Jesus Christus, mag sy gaan en gesond word. Amen.

Dierbare God, ek lê my hande op hierdie seuntjie en vra vir sy genesing. In die Naam van Jesus Christus, mag hy gaan en gesond wees.

262 God van die Hemel, ek lê my hande op my suster en vra dat, in die Naam van Jesus Christus, dat haar geloof nie sal faal nie, sy sal genees word. In Jesus' Naam. Amen.

263 God, hierdie moedertjie met haar hoof gebuig, ek bid dat U haar sal genees. Ek bid hierdie gebed van geloof, my hele hart, vir haar. In Jesus' Naam, mag sy gaan en genees word.

O Ewige en Geseënde God, ek lê my hande op haar, in die Naam van Jesus Christus, en vra vir haar genesing. Amen.

Ewige en Geseënde God, ek lê my hande op my suster en vra vir haar genesing. In Jesus Christus' Naam. Amen.

264 Ewige en Geseënde Vader, Wat Jesus uit die dood teruggebring het, ek lê hande op my broer en vra vir sy genesing. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

265 [n Broer sê: "Ons het 'n suster wat daar oorkant sit, nie kon opkom nie, daar oorkant in die rooi jas."—Red.] 'n Dame kon nie opkom nie? Een van die kaartjies? Waar is sy, die een wat nie kon opkom nie, met die rooi jas? Dis hierdie dame wat net hier sit? Goed, ek sal hande op jou kom lê as jy glo. Hierdie hier, ook.

Het jy 'n kaartjie? Net hier? Ja. Het jy nie een nie? Nierprobleme het jou verlaat, in elk geval, so glo net met jou hele hart.

266 Huh! Vreemd, ook nierprobleme. Sien daardie duiwel wat tussen daardie twee vroue daar probeer kom, net toe? Een het die ander een gewaarsku. Net sodra ek jou genoem het, het dit reguit gegaan na daardie vrou daar, heen-en-weer gekom, en ek

het daardie donker streep sien oorgaan, en ek het gesien wat haar probleem was, reguit teruggekom, en jy het dieselfde ding. Om die waarheid te sê, jy het net ’n halwe nier, jou linker een is weg, jou regter een is net die helfte. Dit is waar. Wil jy teruggaan na die suide van hier af, en gesond gaan? Jy wil. Wil jy? Goed, Mev. Dobbs, jy kan teruggaan huis toe en dan genees word, as jy glo met jou hele hart.

In die Naam van die Here Jesus Christus, lê ek hande op my broer, vra vir sy genesing, deur Jesus Christus, ons Here.

Ewige en Regverdige God, op die hoof van my suster lê ek my hande, en vra in Jesus’ Naam vir haar genesing.

Genadige en Almagtige God . . .

60-1127E Die Koningin Van Die Suide
Lewe Tabernakel
Shreveport, Louisiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org